
2020 Toyota Hilux 2.8 GD-6 RB
54-jarige man
PREMIE
R681 p.m.
OUTBONUS R2 547
2019 Toyota Fortuner 2.4 GD-6
47-jarige man
PREMIE
R740 p.m.
OUTBONUS R2 767
2020 VW T-Cross 1.0 TSi Highline
54-jarige vrou
PREMIE
R560 p.m.
OUTBONUS R2 096
2018 Nissan X-Trail 2.5 Acenta
51-jarige man
PREMIE
R672 p.m.
OUTBONUS R2 516
...en as ons nie jou motorversekeringspremie kan klop nie, kan jy vra vir R500 en as jy die afgelope drie jaar by dieselfde versekeraar was en nie geëis het nie, vra vir R1 500 en...
sms "jagter" na 31495 | skakel 08 600 60 000
Tot jou diens, selfs tydens algehele afsondering.
OUTsurance is 'n gelisensieerde versekeraar en FDV. Premies is afhanklik van die risikoprofiel en word jaarliks hersien gebaseer op die risikoprofiel en ekonomiese faktore. Die OUTbonus word uitbetaal na drie eisvrye jare, is gebaseer op jou premie en is ingesluit in jou standaardvoordele. Die OUTbonus-waarde is die geprojekteerde OUTbonus aangedui in huidige waarde terme. B's en V's geld. Oproepe: standaardtariewe geld. SMS: 50c. OP20/0731/A
OUT SURANCE
Waar jy altyd iets uitkry.

JULIE 2020 NO. 07162
RSA R45.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N$45.00

**HUNTING**
WHEN THINGS GO TRULY WRONG



**GEWERE**
IS GROTER EN LANGER BETER?



Die tydskrif vir die jagter en bewaarder/The magazine for the hunter and conservationist

# JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
# HUNTER



**AMMUNISIE**
VOER JOU "SELOEN" HIERDIE DIEET

**JAGSTORIE**
SÓ JAG JY IN DIE NAMIB

**SHOTGUNS**
RESTORING AN OLD STALWART

**CALIBRES**
MY NIFTY ITALIAN 6.5X55 SWEDE

## MY STEVENS 12-BOOR UIT STRUISBAAI

07162
9 770259 935002

# HERE'S TO CARRYING OUT MORE THAN YOU CARRY IN.



Every Trijicon® long-range riflescope follows in the footsteps of our most proven, battle-tested products. Otherwise, it wouldn't be a Trijicon riflescope. Expect absolute precision at extended ranges, brilliant clarity from sunup to sundown, and extreme durability you can trust in the middle of nowhere. Get your tag ready.



**»THE NEW**
**Trijicon Tenmile™ HX**



**Trijicon AccuPoint®**

**See what it takes to make a brilliant aiming solution at www.ecmtech.co.za.**

ALASKA TO AFRICA TESTED · IMMERSION TESTED · SOLID ZERO TESTED · VIBRATION TESTED · DROP TESTED

Trijicon® Brilliant Aiming Solutions™

ECM Technologies

**CONTACT US FOR YOUR NEAREST DEALER:**
**Tel: 012 329 4116 • sales@ecmtech.co.za**

# INHOUD

UITGAWE: JULIE 2020

## RUBRIEKE


4 IN MY VISIER

6 BOSPOS

8 SNELVUUR

9 KOMPETISIE

10 DOOIERUS – SJÊNSBÔKSMOUS

45 JONGSPAN

50 BOKSPOG


## ARTIKELS


12 SKOONPA SE STEVENS UIT STRUISBAAI
KOOS BARNARD

18 A "TRAGIC" COMEDY OF HUNTING AND OTHER ERRORS
DANIE GROBLER

22 TEKORT
MELLIES

26 KASPAAS
KOBUS DE KOCK

28 BENUT JOU JAG VOLUIT
SCHALK VERMEULEN

30 MY ITALIAN SWEDE
JOKL LE ROUX

34 DIE UITNODIGING
DIRK STEYNBERG

38 A GAME GUN FOR AFRICA
JOHAN VAN WYK








### OP DIE VOORBLAD

Die ou Stevens 12-boor is nie 'n fynproewer-haelgeweer nie maar hierdie erfstuk blaf steeds met outoriteit.

**FOTO**: KOOS BARNARD


52 JAG IN DIE NAMIB
GRAEME POLSON






54 'N POELIESMAN, 'N DIKWIEL-BAAISIEKEL EN SEWE WILLEHONNE
ORG HAMMAN




## SAJWV


48 WILDSVLEIS: SMAAKLIK EN HEILSAAM
BOETIE KIRCHNER


## TOETSVERSLAE


42 VOER JOU SELOENTJIE MET DIÉ KOS
ARMAND STEENKAMP

46 SWAROVSKI Z5I 2.4-12X50 BT
KOOS BARNARD



JAGTER HUNTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

**TEL: 012-485-9382**
**WEBTUISTE: www.sajagterhunter.com**

**Privaatsak X202, Pretoria, 0001**
**Xcelpark, h/v Lynnwood- en Roderickstraat, LYNNWOOD, 0081**

### REDAKSIE

**REDAKTEUR:** Koos Barnard
Koos.Barnard@media24.com
Tel: 012-485-9401
**ADJUNK-REDAKTEUR:** Johan van Wyk
Johan.vanWyk@media24.com
Tel: 012-485-9403
**SUBREDAKTEUR (VRYSKUT):**
Eunia Barnard (Artikelnavrae & taalversorging)
Eunia.Barnard@media24.com
**SUBREDAKTEUR:**
Marisa Beeton (Taalversorging en webblad)
Marisa.Beeton@media24.com Tel: 012-485-9350
**UITLEGKUNSTENAARS:**
Marthie van Dyk (Uitleg en produksie)
Marthie.vanDyk@media24.com
Tel: 012-485-9404 Faks: 086-559-8004
Malinda Craythorne (Advertensie-ontwerp)
Malinda.Craythorne@media24.com
Tel: 012-485-9405 Faks: 086-535-4073
**KANTOORBESTUURDER:**
Maphuti Mongatane (Navrae/Administrasie)
Maphuti.Mongatane@media24.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058
**MEDEWERKER:**
Herman Jonker

### ADVERTENSIES

**BESIGHEIDSBESTUURDER:** Dirk Lamprecht
012-485-9356 / Dirk.Lamprecht@media24.com
**ADVERTENSIEKONSULTANT:**
Jacques Boshoff 012-485-9357/079-528-8793

### NAVRAE EN INLIGTING

**INTEKENARE:**
Tel: 087-353-1300/Faks: 086-296-6681
SMS: 32361
E-pos: subs@media24.com
**SAJWV-LEDE:**
Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300/E-pos: michel@sahunt.co.za
**RAKVERKOPE:**
Armand Kasselman
Tel: 021-503-7164/E-pos: armand@onthedot.co.za

MEDIA24

**MEDIA24** WEEKLIKSE TYDSKRIFTE

**HOOFBESTUURDER:** Minette Ferreira
**UITGEWER:** Theuns Venter
**ADMINISTRASIE:** Johan Terblanche
**SIRKULASIEHOOF:** Johan Sadie
**KATEGORIEBESTUURDER SIRKULASIE:**
Armand Kasselman
**INTEKENARE:** Elmarie Eygelaar
**HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE:** Ishmet Davidson
**HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE:** Jameelah Conway

**DRUKKER:**
Novus Print, 10 Freedom Way, Marconi Beam, Milnerton, 7441.

**UITGEGEE & VERSPREI:**
Media24 (Reg. no. 05/038385/06), Heerengracht 40, Posbus 2271, Kaapstad, 8000



© Kopiereg *SA JAGTER/HUNTER.* Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubiekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/JAGTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

**SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.**




# TOTSIENS

Daar kom 'n tyd, sê neef Org Hamman, dat die 13 syfers voor in jou ID-boek jou lewe begin regeer. Daardie tyd het nou ook vir my aangebreek. Media24 se beleid bepaal dat ek moet oppak.

Iemand jonger met varser idees moet oorneem.

Hierdie uitgawe is die laaste een wat ek as redakteur hanteer aangesien my dienstermyn einde Mei verstryk (teen die tyd dat julle hierdie uitgawe lees, sal ek dus reeds die tuig neergelê het). Ek sal wel nog op vryskutbasis vir tydskrifte bydraes lewer.

Ek kyk met groot dankbaarheid terug oor my sewe jaar by SA JAGTER/HUNTER. Ek het die ongelooflikste mense ontmoet; medejagters, sportskuts en natuurliefhebbers. Mense met wie ek my passie kon deel en mense by wie ek kon leer. My pos as redakteur het dit moontlik gemaak dat ek plekke kon besoek wat my andersins nie beskore sou wees nie. Ek was elke dag besig met die twee groot passies in my lewe, naamlik jag en vuurwapens. Dit het my werk deurentyd interessant en hoogs bevredigend gemaak.

Soos met enige werk, was daar hier en daar 'n paar klein jakkalsies in die wingerd – die poskantoor se geploeter om SA JAGTER/HUNTER af te lewer; die voortdurende stryd om begrotings te laat klop en adverteerders te lok en soms rekenaars wat lol as sperdatums naderkruip. Tog was daardie jakkalsies te klein en te min om van my werk 'n las te maak.

Ek wil elke leser bedank wat my en die tydskrif ondersteun het sedert my aanstelling. Dankie vir al die oproepe, e-posse en warm handdrukke. Julle vriendelikheid was altyd vir my 'n riem onder die hart.

Ek moet ook die span noem met wie ek daagliks saamgewerk het; Malinda Craythorne, Marthie van Dyk, Marisa Beeton, Eunia Barnard, Jacques Boshoff en dan oor die laaste jaar, Johan van Wyk. Baie dankie! Julle het voorwaar my werk baie lekker en maklik gemaak. 'n Spesiale dankie ook aan al die lojale adverteerders van die afgelope sewe jaar!

Johan van Wyk, ons huidige adjunk-redakteur, gaan by my oorneem. Sterkte Johan, veral in die lig van ons land se huidige finansiële krisis en die probleme met die Coronavirus.

Ons jagbedryf is erg in die pekel as gevolg van die virus, daarom wens ek vir elke jagondernemer en PH wat finansieel gely het, 'n spoedige herstel van besigheid toe. Dis ook my wens vir elke persoon, ongeag beroep, wat benadeel is. Al lyk die toekoms dreigend, weet ons dat daar uit elke donker nag weer 'n nuwe dag gebore word. Byt vas en staan sterk!

Vir jagters hoop ek dat dinge weer normaal sal verloop voor die jagseisoen hierdie jaar eindig en dat julle steeds biltong en droëwors huis toe sal kan bring.

Nou ja, al wat oorbly, is om te groet. Veilig jag en lekker jag. Ek wens elke leser nog vele genotvolle ure in die jagveld toe. Mag julle aandvure die volmaakte afsluitings wees van vervulde dae in die veld, en mag die herinneringe wat julle versamel vir baie jare warm in jul harte bly gloei.

Vir oulaas dan…

**Mooi loop!**

Koos



CZ

ULTIMATE IN SELF DEFENSE
& CONCEALED CARRY



THE ALL NEW
# CZ P10M

***THE MOST RELIABLE COMPACT PISTOL***




Despite its radical miniaturization, this model keeps all key advantages of the popular striker-fired CZ P-10 series, including its excellent ergonomics and user-friendly operation of the trigger.

With its firing capacity of 7+1 and internal slide stop, it is an ideal defence or back-up firearm for comfortable concealed everyday carry.

**EXTRAORDINARILY RELIABLE AND EXCEPTIONALLY ACCURATE**

Available at all premium dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 - 7793/4

FORMALITO
SPORTS • ARMS • OUTDOOR

# BOSPOS

## Sê jou sê

E-pos na marisa.beeton@media24.com

### WENBRIEF
### HONDELIEFHEBBERS

Ek skryf na aanleiding van die *Dooierus*-rubriek deur Herman Jonker, getiteld, *"'n Hond? Natuurlik"* wat in die Junie-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER verskyn het. Ek wil net so 'n klein lansie vir die "hondeliefhebbers" breek.

Ek het ook my hele lewe lank geglo 'n hond is 'n hond en ek stem heelhartig saam met Herman. In my jonger dae was dit ook maar: "Voert, Moer!" en "Dié kant toe met jou!" en so af en toe 'n skop onder die gat. My hond het ook 'n "publieke" naam gehad en baie ander roepname wat nie juis hier genoem kan word nie.

Nou vir die lansie wat ek wil breek... As 'n mens hier oor die sewentig jaar oud geword het, en die leëhuis-sindroom vat jou nou soos Covid-19, dan raak jou hond jou héle lewe. Hy verander in jou kind, jou lewensmaat en beste vriend. Hy is dan die een met die troetelnaam, "Oubaas se honne" en met hóm deel jy al jou sorge, hartseer, vreugde en geheime, én jy is verseker dat hy nie sal uitpraat nie.

Ek glo darem steeds dat jy nie vir hom moet klere aantrek nie, maar hy/sy moet baie liefde kry. (Vergewe maar ons oumense.)

**PIERRE ROSSOUW**

*Pierre wen die R1 000-geskenkbewys van Safari Outdoor*




### SAJWV SE 100-JARIGE GEDENKBOEK

Vandag lees ek in die SAJWV se jongste nuusbrief weer van die gedenkboek wat in druk is. Iets om na uit te sien. My betaling is betyds gemaak.




Tydens die Covid-19-inperkings is my vrou verwoed besig om kaste en boekrakke op te ruim. Kort-kort stop sy my 'n boks met papiere, tydskrifte, ensovoorts in die hand en sê: "Dis jou goed! Soek dit deur en gooi soveel moontlik weg."

Toe ek deur 'n klomp goed kyk, kom ek op die *50 Jaar Gedenkuitgawe* van die SAJWV uit. Ek blaai nuuskierig daardeur. Nie lank nie, of ek sit vasgenael en lees aan die spannende jagstories. Veral die verhaal van *Dhlulamithi, Die Reus Onder Reuse* deur dr. LJ Potgieter. Dit het my so gevange gehou dat ek nie kon ophou voor ek die spannende einde gelees het nie. Dhlulamithi – die olifant wat "groter as die bome was".

Dit is die verhaal van 'n jagter wat sy geweer moes weggooi en boomklim... en toe hy later 'n skoot kon inkry, toe...? Maar ek wil nie die verhaal vertel nie. Miskien kan dit weer geplaas word.

As die nuwe gedenkboek soveel interessante leesstof bevat, is daar baie om na uit te sien.

**HILKO LUBBINGE**




Die verhaal van die reuse-olifant.



**VAN LINKS NA REGS:** Fritz Snyman, Wimpie Jordt en Roelf Opperman. Drie dominees wat elke jaar graag saam gejag het.

### HERINNERINGE AAN 'N JAGMAAT

Ons was in Swartwater vir ons jaarlikse jag, maar hierdie keer was dit anders... stiller, kouer en verseker harder. Dalk omdat jy nie meer daar was om vir ons kampbeddens te reël of saam met ons om die vuur te kuier nie?

Ons hoor jou beeste was blinkvet op die veiling en dat almal verbaas was om te hoor dit was Dominee s'n en nie een of ander vooraanstaande boer s'n nie. Miskien het hulle sulke goeie pryse gehaal omdat dit "heilige koeie" was. Aan die ander kant kon dit nie wees nie, want jy het gewoonlik al die heilige koeie geslag. Ons mis jou, Vriend!

Ds. Wimpie Jordt was vir 31 jaar predikant van Koedoesrand, op Swartwater in Limpopo. Hy was 'n legende in die Bosveld. Sy groot liefde vir "God se tuin" was aansteeklik. Wimpie se skielike dood op 27 Maart 2019 het 'n groot leemte gelaat binne sy gesin, die gemeente en in die gemeenskap.

**FRITZ SNYMAN EN ROELF OPPERMAN**

### KOOP PLAASLIK

Ons almal ken die term, *local is lekker*, maar voor ek iets oor die *local* goed wil sê, wil ek dit net eers baie duidelik stel dat ek geensins 'n probleem het met ingevoerde wapens nie. Ek self het 'n CZ .22 Magnum, Winchester .375 H&H en 'n ou .303.

Ek het vir 28 jaar lank met 'n .30-06 Parker-Hale gejag en toe besluit dis tyd vir iets nuuts. Ek het in talle winkels gaan soek, maar kon nie "vatplek kry" aan die ingevoerde wapens nie. Dus het ek later na plaaslike produkte begin kyk en so by Wildman in Ermelo beland. Die plan was om vir my 'n Musgrave te laat bou. Daar aangekom, is ek en my vrou vriendelik ontvang en toe is ons na die fabriek toe. Daar het hulle ons gewys hoe die Musgraves gebou word en ek kon my eie kolf uitsoek. Nadat die papierwerk afgehandel is, is ons terug Pretoria toe, twee maande gewag vir my lisensie, toe weer Ermelo toe om my geweer te gaan haal. Terug by die huis het ek 'n Zeiss Duralyt-teleskoop op my Musgrave 6.5x55 gemonteer. Na 'n paar besoeke aan die skietbaan waartydens ek verskillende ladings getoets het, het ek die resultate gekry wat ek verwag het – 'n vyfskoot-groepering van 9mm op 100m geskiet.

Ek is uiters tevrede met die Musgrave, nou moet die *lockdown* net verbykom want ek is opgewonde om my geweer in Namibië se vlaktes te gaan toets met Hornady se 129gr InterBond-koeëls.

So, as julle manne weer gewere wil aankoop, kyk gerus na plaaslike produkte, want *local* is beslis lekker.

**Naskrif:** Die mense van Wildman het my nie gevra om iets oor die Musgrave te skryf nie. Ek doen dit net omdat ek baie tevrede is met die geweer.

**LEON MYBURGH**

**(Brief verkort – Red)*




Leon se teiken.




For your closest stockist, please call Brad on 0861-005903

# SNELVUUR

## IN MEMORIAM: ABC Human



ABC (Celliers) Human.

Dit is met groot hartseer dat ons ABC (Celliers) Human se afsterwe na 'n lang stryd in intensiewe sorg, verwerk. ABC was nog altyd 'n verbete vegter, maar ons moet daarby berus dat hy die goeie stryd gestry het, en nou in vrede kan rus. Ons innige simpatie gaan uit na Esmé, Rachelle, Braam en die hele familie gedurende hierdie moeilike tyd.

ABC was een van Tafelberg-tak se voorslaglede. Nie alleen was hy 'n kampioenskut, voor-aanstaande wapenversamelaar, en meelewende lid nie, maar hy het ook 'n diep belangstelling gehad in die bevordering van die skietkuns – veral onder jongmense. Hy was 'n gulhartige, vrygewige borg van ons tak se jaarlikse jeugskietdag en het daarop aangedring dat daar erkenning gegee word aan jong skuts wat die beste vordering toon, eerder as net die wenners van kompetisies.

Sy liefde vir kompetisie en alle aspekte van die skietkuns het hom menige trofee en prys laat wen. Hy was ook 'n sleutelfiguur in ons tak se deelname aan haelgeweer-dissiplines by Durbanville Skietklub (DSK), en het met ywer deelgeneem aan nasionale en internasionale kompetisies. Hy het altyd sy diep kennis van vuurwapens, herlaaitegnieke en die skietkuns gedeel, en het groot genot daaruit geput om van hulp te wees.



Hierdie foto is geneem toe ABC ons tak se Skut van die Jaar-toekenning ontvang het van Petrus Swart, SA Jagters se Bestuurder: Vuurwapenhulplyn.

Ons laaste skietgeleentheid saam met ABC was op 14 Maart by die Goede Hoop-skietbaan, Atlantis. Na afloop van die Presidentskietoefening, waartydens hy soos gewoonlik 'n topskut was, het hy haastig, met stralende gesig, en daardie kenmerkende stout glimlag, luidkeels aangekondig dat hy op pad was na DSK om te gaan haelgeweer skiet. Met ons groet: "Lekker skiet, ABC!" is hy in 'n stofwolk daar weg.

Só onthou ons 'n goeie vriend en SA Jagter-legende.

* *Die bestuur en al die lede van SA Jagters se Tafelberg-tak.*

## WILDLIFE TOURISM GROUNDS TO A HALT – WHO WILL NOW PAY THE BILLS?



Photo: Nic de Bruine.

The chief of the United Nations' Global Environment Facility and Land Degradation Unit, Johan Robinson, recently argued for an alternative system of funding to support conservation efforts in poorer, developing nations.

As the Covid-19 pandemic's long-term consequences are starting to show, the losses suffered due to the cessation of tourism in many national parks and other conservation areas are starting to emerge. In the Democratic Republic of the Congo, for example, the Virunga National Park has closed its borders to tourists until 1 June, in part to protect its precious population of mountain gorillas from exposure to the virus. Authorities estimate that it will take years for the economic hardship suffered as a result of the closure to be overcome.

The situation is much the same in other conservation areas, and it is estimated that funding will have to be doubled to at least US $100 billion annually to allow the preservation of conservation areas not only in Africa, but globally.

Mr Robinson's report states: *"Such funds could come from a variety of sources, and ultimately form a new class of financial asset, ripe for sustainable investment."*

## SINGAPOER LÊ BESLAG OP 'N TWEEDE REUSEVRAG IETERMAGOGSKUBBE IN TWEE WEKE

Net 'n week nadat die Singapoer-owerhede op 'n vrag van 12.9 ton-ietermagogskubbe beslag gelê het, is 'n tweede vrag van 12.7 ton van dié uiters bedreigde dier se skubbe ook ontdek.

Die tweede vrag was in 'n 12m-skeepsvraghouer verpak wat vanaf Nigerië na Viëtnam onderweg was. Die inhoud is verklaar as sade, maar die owerhede het by verdere ondersoek die onwettige vrag ontdek en op die skeepsvraghouer beslag gelê.

Na raming is dié vrag meer as US $40 miljoen op die swartmark werd en moes ongeveer 21 000 ietermagôe doodgemaak word daarvoor.





## BOTSWANA VERSKUIF RENOSTERS

'N gebrek aan toerisme as gevolg van die Covid-19-pandemie, sowel as stygende vloedwaters wat baie paaie onbegaanbaar gemaak het, het die Botswana-regering genoop om die oorblywende swartrenosters in die Okavango-delta na veiliger gebiede te verskuif.

Slegs sowat 20 swartrenosters is na raming in die Okavango oor, en ses van dié kosbare diere is net gedurende Maart 2020 deur stropers om die lewe gebring.

Dit is nie bekend waar die swartrenosters heen verskuif word nie, maar die stygende vloedwater in die Okavango belemmer die vangpoging aangesien baie van die paaie onder water en dus onbegaanbaar is. Die gebrek aan toerisme en die inkomste wat daardeur gegenereer word, speel ook 'n beduidende rol aangesien dit 'n impak het op die fondse wat beskikbaar is vir teenstropingsoperasies.

## BEWYSE VAN 'N ENKELE KNYSNA-OLIFANT

Stukke van 'n beskadigde hut, sowel as olifantmis is onlangs tydens die inperkingsperiode langs die Outeniqua-wandelpad in die Knysnawoud opgemerk. Volgens SANParke kan dit net die werk wees van Oupoot, 'n 46-jarige alleenloper-olifantkoei wat haarself in dié gedeelte van die Knysna-woud tuisgemaak het.

Die bewegings van Oupoot is die afgelope 15 jaar deur middel van kamerategnologie gemonitor en desnieteenstaande beweringe van 'n olifantpopulasie in die Knysnawoud, was sy telkens die enigste olifant wat op kamera vasgevang kon word.

Volgens SANParke was Oupoot se bewegings die laaste paar jaar beperk tot inheemse woud- en fynbosgebiede, maar sy het ook dikwels op privaatgrond rondbeweeg in haar soeke na kos.

Foto: The Citizen.



# WEN MET DIE KLIK VAN 'N KNOPPIE!

**Vier gelukkige lesers staan die kans om die onderstaande Trots Suid-Afrikaanse produkte te wen.**

Besoek ons webtuiste
**WWW.SAJAGTERHUNTER.COM**
en klik op die **WEN-knoppie** om in te skryf.

**Volg die instruksies. Die sluitingsdatum vir hierdie maand se kompetisie is 25 JUNIE 2020.**

## HIERDIE MAAND SE PRYSE:

### DENNIS KAPPETIJN-MES





Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500. Vir meer inligting, sien ons webtuiste; besoek *www.kappetijnknives.com* of kontak hulle by 082-923-5639 of 082-968-4242.



### DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

Twee lesers kan elk 'n ammunisiekissie in die kaliber van hul keuse wen. Die Dovetail-ammunisiekissies word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by 083-257-4041 vir meer inligting. Elke kissie is ongeveer R525 werd.




### PROMARK/ STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerklere, ens.) kan elke maand gewen word. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by *www.stevensonhamilton.co.za.*

### MEIMAAND SE WENNERS:

- **KAPPETIJN-MES:** DANIE GROBLER, MOKOPANE.
- **DOVETAIL:** MARTHINUS DE WAAL, PRETORIA EN WILLEM ROOS, BELLVILLE.
- **LIMPOPO-VELLIES:** RUBEN HEFER, BRITS.

**Juniemaand se pryswenners se name sal in die volgende uitgawe van SA JAGTER/HUNTER-tydskrif verskyn en dit sal ook op ons webtuiste bekend gemaak word.**



# SJÊNS-BÔKSMOUS

Mens kan nie dink die lewe beweeg so vinnig aan nie.

Daar was 'n tyd voor Covid-19, onthou jy? Voor die siekte 'n masker om ons leefstyl kom span het, was daar 'n tyd toe baie mense begin lewe het asof daar geen môre was nie. Vir hulle het alles gedraai om besittings en bymekaarmaak en plesier, kompleet asof dit sou opraak. Meer, beter, groter, duurder: Dit was die dwingende dryfvere, met weinig respek vir die gevolge daarvan. Maar eintlik was daar vir baie reeds te veel. Te maklik, te gierig, te verwyderd van die natuur. En toe raak dit inderdaad skielik op, tot hulle skok en afgryse.

Dié van ons wat ouer is sal egter ook 'n ander, meer sober era, onthou.

Ja, daar was 'n tyd voor jag 'n luukse geraak het, voor skiet tegnotottermetrie geraak het, voor wildtelers *rockstars* geraak het, en voor oorlewing finansieel eerder as eksistensieel geraak het. Dit was die era van arbeid adel en spaarsamig lewe, van nederig wees en hergebruik en hard werk en plan maak. 'n Tyd toe dit gegaan het om die ware nut van 'n sak sout en nie om die *brand value* daarvan nie.

Gielie was 'n ou uit daardie milieu. Dorper gebore op 'n stukkie huurgrond in die duine en met alles wat hy kon 'n lewe probeer maak. In gestalte nie veel langer as vyfvoetweinig nie, maar dit het hom nie gestuit nie. Hy was 'n raakvatter, en as Dorslandtrekkernageslag ook 'n vasbyter.

So, tussen jagters uitvat en vir mense bakkietralies sweis en windpompe oordoen, en rantsoenvleis smous en hansskaap grootmaak vir vendusie, het Gielie nog gemsbokke gevang ook. Teen 'n prys natuurlik, of om mee te spekuleer.

Sy tegniek was eenvoudig: Jaag hulle in, keer 'n jonger een af, jaag hom in die rondte en gryp hom aan die horing, sommer van agter die stuur uit. Toerusting, anders as 'n oop Jeep met 'n sessilinder 4.1 Chev-enjin en 'n ou skaaplorrietjie sonder battery, het hy nie gehad nie. Hulp ook nie, behalwe vir een plaaswerker. Maar planne het hy wel gehad.

> "Vat vas daar kêrels, vat vas! Moenie dat hy skop nie, kry sy agterbene bymekaar! Hou daai horings! Waar's die pype?!..."

Om sjênsbôk (soos hy dit genoem het) te vang, het jy hande nodig. En al tyd wanneer daar genoeg hande op die plaas was, was as daar jagters was. Wanneer die jagters klaar geskiet en klaar hulle vleis gewerk het en dan gesit en wag het vir die biltong om droog te word, het Gielie hulle genooi om te kom kyk hoe hy gemsbokke vang.

Dis hoe ek hier êrens in die 80's by Gielie se sjênsbôkvangery in die Kalahari beland het. (Nie dat ek al ooit spyt was nie.)

Die vorige agtermiddag is daar versit na die vangplaas wat 'n goeie twee ure weg was. Duin op en duin af deur die sand, hekke oop en hekke toe, verskeie plase deur. Uiteindelik is daar kamp gemaak vir die nag, sommer in 'n straat tussen die duine.

Ek onthou 'n bitter koue nag daar op die bokseil langs die lorrie, in my slaapsak ingewurm met alles wat ek kon aantrek. Hout vir die vuur was min – my waterbottel wat langs my kop gestaan het, het kliphard gevries.

Vroegoggend is daar geroer. Eers 'n staanvuur vir koffie en ontdooi, en toe, aksie. Gielie, in sy uitgebleikte kakiehemp, blou ouwerolbroek en koöperasievellies sonder sokkies, het die koue nie gevoel nie. Agter die stuur van sy gehawende Jeep was hy 'n windhond wat sjênsbôkke aangekeer en afgekeer en dronk geja het dat daar stukke driedoring in sy hare sit.

Wanneer daai Jeep dan tot stilstand sleep (partykeer het ons nog 'n ent aangery na die bok Gielie agter die stuur uitgepluk het), moes jy spring om te help. Sulke tye het die adrenalien hoog geloop en Gielie se stem het dun geraak:

"Vat vas daar kêrels, vat vas! Moenie dat hy skop nie, kry sy agterbene bymekaar! Hou daai horings! Waar's die pype?! Moet hom nou nie sta' en versmoor nie. Onthou hy't gehardloop, gee hom asem. Werk mooi met hom, maar los, los jy nie, hoor julle! Op jou moer as ek jou vang los. Jy los nie!!! Hou!!"

En dan, wanneer die bok gelaai is met 'n stuk tjoep oor sy oë en plastiekpype oor sy horings, en sy bek met water gespoel is, was Gielie dankbaar.

"Netjies, kêrels, netjies. Nou moet ons hom nog net oorgelaai kry op die lorrie en hulle gesond aflaai, dan boer ons alweer bietjie vorentoe!"

Ja, ou Giel. Lankal ook al ses voet onder die rooi sand. Sedertdien het wildvang natuurlik ontwikkel tot 'n gesofistikeerde bedryf, maar met die introspeksie wat Corona nou oor ons kom hang het, dink mens weer aan daardie plat-op-die-aarde dae.

Na die meer onlangse era, die sogenaamde 'goue jare voor Corona', verlang ek egter glad nie. Veral nie wat wildhandel betref nie. *Put and take* was nog altyd vir my 'n immorele praktyk en aan telers wat met Texas-houdings uit hul helikopters klim, het ek nie erg nie. Aan die kleurkaarte en kwasi-aristokratiese prostituutbulle waarmee hulle wou smous, nog minder.

Om die waarheid te sê, nou dat 'n mikroskopiese natuurorganisme vir ons kom wys het hoe nietig die mens eintlik is, word ons (dié wat wil hoor) eerder herinner aan hoe arrogant ons begin omgaan het met natuur- en erfenisgoed.

Wat Gielie sou gesê het van verwikkelinge sedert sý tyd, sal 'n mens nie weet nie. Eintlik is ek maar bly hy is eerder al hierdie dinge gespaar. (Hy sou in elk geval ook nie reg gelyk het as hy met 'n Stetson en 'n helikopter by 'n sjênsbôksmousery moes opdaag nie.)




*Variety of choices available*

Also available with MFWD (Mechanical Front Wheel Drive)
and 9F/3R Synchronized transmission.

Terms and conditions apply (available at www.deere.com/sub-saharan/en).

www.deere.com/sub-saharan/en
africa@johndeere.com
Customer Care: 080 983 821

JohnDeereAfrica JohnDeereAfrica John Deere Africa John Deere Africa



’n Onlangse foto van die 90-jarige Oupa Dirkie Lourens in Suideroord, Bredasdorp se tehuis vir bejaardes. Hier hou hy die Stevens-haelgeweer vas wat ek van hom geërf het.

Dit was die kolgans se hees roep wat hom weggegee het. Ek het gekyk na waar Kobus de Kock wys en die voël windaf aan ons linkerkant verby sien vlieg. “Hel, hy’s vinnig,” het ek gedink en die dubbel se lope ver voor sy kop verby getrek.

Toe dreun die Stevens en stuur sy haelkorrels die lug in. Ek kon hulle duidelik hoor tref en die volgende oomblik het die gans begin val. Dit was my eerste sukses met dié ou Amerikaanse haelgeweer op hierdie voëlspesie!

Die volgende twee voëls het oor ons koppe gevlieg en ek het weereens die regterloop laat praat. Net toe ek die sneller trek, het die een voël skerp agter die ander een ingeswaai en met geluk, eerder as deur vernuf, het die nommer 4’s beide getref! Hierdie was twee kopereende.

Na hierdie eerste suksesse was die lug vir ’n paar minute stil… en toe begin die ganse die laatmiddaglug te vul. Golf na golf het teen die sterk wind in op die pannetjie afgepyl waar ons in die lang gras geskuil het. Met die Stevens se lope gestook

# SKOONPA SE STEVENS UIT STRUISBAAI

Dié ou 12-boor het ’n vlammetjie in my hart brandgemaak wat ek in die toekoms gereeld sal moet stook.




My Stevens-haelgeweer wat rondom 1940 vervaardig is. Let op die tarentaalveer. ’n Tarentaal was die eerste veerwild wat ek ooit met dié haelgeweer geskiet het. Sy lope se wurg is regs: *improved modified* of driekwart wurg en links is *full choke* of volle wurg.



**BO:** Hier sit ek by die kopereendmannetjie wat ek geskiet het. In die agtergrond is die pannetjie met die lokkers (sien teks). **LINKS:** Hierdie kolgans was die heel eerste voël wat ek geskiet het in die Overberg tydens my jag saam met Kobus de Kock.

met Blaser se 32g Nr 4's het ek opgespring en die dubbelloop lugwaarts geswaai…

**DIE STEVENS SE STORIE**

Maar voor ek verder vertel oor my eerste gansskiet, wil ek meer oor die haelgeweer vertel. Dis 'n Stevens wat ek by my skoonpa, Dirkie Lourens, geërf het. Met dié geweer het ek reeds in my studentedae kennis gemaak, in 1981, toe ek nog na my vrou gevry het. Pa Dirkie was 'n plaasbestuurder op Bennie Groenewald se plaas, Krabbefontein net buite Grabouw. Ek en my vrou was beide studente op Stellenbosch en as ons naweke op Krabbefontein gaan kuier het, het Pa Dirkie vir my sy enkelskoot-.22 BSA of die Stevens 12-boor geleen sodat ek tarentale en fisante kon jag. Ek het die .22LR veel meer gebruik as die haelgeweer, want ek het glad nie met haelgewere grootgeword nie. Vir my was dit iets wat jy in die hoenderhok of duiwehok op pesdiere soos muishonde, groukatte of muskeljaatkatte gebruik.

Die enkele kere wat ek wel die haelgeweer gebruik het, het ek dit soos 'n koeëlgeweer aangewend en die voëls sommer op die grond gepeper. Haelgeweerskuts sal erg hieroor frons, maar ek het nie van beter geweet nie. Pa Dirkie was 'n bedrewe haelgeweerskut wat nie net voëls in vlug kon klits nie, maar ook duikers en bosbokke met die Stevens gejag het. Dit was vroeër algemene gebruik.

Skoonpa-hulle het later finaal op Struisbaai gaan aftree. En dis daar waar hy eendag die Stevens aan my oorhandig het. My eerste, en die enigste haelgeweer wat ek besit.

Inligting oor die ou Stevens-»




Die Stevens-maatskappy se adres is op die linkerkant van die aksie aangebring en let ook op na die nommer, 5100. Dis 'n nommer wat die maatskappy intern gebruik het as identifikasie vir dié tipe aksie van die geweer.




Hierdie gravering dui die patroonlengte aan waarvoor die geweer gekamer is asook die tipe staal van die lope.

» gewere is skraps, maar ek kan julle verseker dis nie een wat connoisseurs sal aanskaf nie. Dié gewere se grootste bate is dat hulle duursame werksgewere is wat nie opgepiep hoef te word nie. Gee hulle maar hel, hulle sal bly skiet.

Ek het oorspronklik gedink dat my erfstuk 'n Model 311 is, of dalk Stevens se Model Fox B. Maar na onlangse leeswerk op 'n Amerikaanse forum stel ek vas dis blykbaar 'n Stevens Model 530 wat in 1940 vervaardig is, aldus 'n Amerikaanse kenner. Aan die regterkant van die aksie staan: J Stevens Arms Company, Chicopee Falls, Mass. U.S.A. en ook die nommer, 5100. Daardie nommer dui nie op die model nie en is ook nie die geweernommer nie, dit verwys na die tipe aksie (daar was ook 'n nr. 5000-aksie) en dié nommers was glo interne fabriekskodes om die verskil tussen die aksies aan te dui. Die Stevens se aksie is 'n vereenvoudigde Anson & Deely-tipe en die lope is 30" lank.

Aan die linkerkant van die aksie is die naam Stevens gegraveer en 'n patryshond wat *point*, asook die kop van 'n patrys wat bo die gras uitsteek. Bo-op die linkerloop, net voor die aksie is gestempel: PROOF TESTED – 12 GAUGE, 2¾ INCH CHAMBER. Op die regterloop staan daar: SELECTED FORGED STEEL. Soos die foto's aandui, is dit 'n sy-aan-sy dubbel met dubbele snellers – die voorste sneller vuur die regterloop en die agterste een, die linkerloop.


Kolganse is volop in die Wes-Kaap en word as 'n pes gereken deur sommige boere.

## 'N BIETJIE OPKNAPWERK

Skoonpa het die geweer gedurende die 1960's tweedehands gekoop deur middel van 'n vriend, Orgie Ritter, en vertel dat die voorlaai eens op 'n tyd gebreek het na 'n val teen 'n berg. Dis toe vervang met 'n nuwe wat effens vetter is as dié wat die geweer oorspronklik gehad het. Foto's op die internet van ander Model 530's toon 'n langer, slanker voorlaai. Skuins aan die onderkant van die regterloop, ongeveer 75mm van die tromp af, is daar 'n vlak duikie in die loop, maar dit affekteer nie die Stevens se skietvermoë nie.

Toe ek die geweer ontvang het, was die kolf en terugskopkussing taamlik gehawend en die lope heeltemal blink. Vriend Alan Henry van Natal Gun Company in Amanzimtoti het die kolf gedokter, 'n nuwe skopkussing aangesit en die lope sommer koud-geblou. *"Not necessary to spend a lot of money on a gun like this,"* was sy kommentaar. Dit was ook duidelik dat iemand lank gelede 'n stuk skuurpapier in die hande gekry het en die hele aksie daarmee probeer blink skuur het. Ek het die skuurmerke en roeskolletjies met 'n fyner papier gepoleer.

## LINKER- OF REGTERHANDS?

Opvallend is dat dit lyk asof die kolf vir 'n linkshandige skut gemaak is, of *cast-on* het vir 'n regshandige skut. Dis ook wat 'n bedrewe Natalse haelgeweerskut my vertel het toe hy die geweer sien. *"You wil never hit anything with this gun,"* was sy kommentaar.


Ek en Kobus het aan die rand van die pannetjie in dié sloot met die lang gras geskuil. Al die skote is in rigtings weg van die water af en meestal teen die wind in, geneem.

Aanvanklik het ek hom geglo, want as ek die geweer links-om geskouer het, het my oog mooi opgelyn met die rib, maar regs-om was my oog effens links van die rib. Toe hanteer iemand wat veel meer van haelgewere weet as ek, eendag die geweer, en volgens hom is die kolf perfek vir regshandiges. Blykbaar was dit ek wat uit onervarenheid nie my wang styf genoeg teen die kolf geanker het nie.

Wie van die twee kenners met my kop gesmokkel het, weet ek nie, maar as ek deesdae die geweer aangooi, pas dit my perfek en is my oog presies opgelyn met die rib. So, die verkeerd-om kolf is dus eintlik reg-om. Interessant is dat foto's van hierdie haelgewere wat ek op die internet gesien het, ook dieselfde kolfkonfigurasie toon.

Toe ek nog in Natal gebly het, het ons 'n paar maal gaan kleiduiwe skiet met die Stevens. Daarna het dit 'n *"safe queen"* geraak. My werk het vereis dat ek met koeëlgewere peuter en ek moet toegee dat ek eenvoudig net nie die nodige belangstelling gehad het om 'n voëljagter te word nie. Die ou Stevens is dus vir jare nooit afgevuur nie.

### DIE STEVENS KRY WEER LEWE

Maar op 'n dag begin daar skielik 'n lus in my groei om dié ou haelgeweer te gebruik waarvoor dit bedoel is... om voëls in vlug te skiet. Die man wat die vlammetjie aangesteek het, is Kobus de Kock. Hy lewer gereeld bydraes vir SA JAGTER/HUNTER oor haelgeweerjag. Sy lekker vertellings oor voëljagte het my geïnspireer om die Stevens se lope te gaan stook daar in die Overberg waar Pa Dirkie hom vir so baie jare gebruik het.

Ek en Kobus het op 'n datum besluit en ons (ek en my vrou) het afgesit Struisbaai toe. Pa Dirkie en Ma Beatrice woon nou in Bredasdorp in Suideroord, die tehuis vir bejaardes en ons het vir oulaas in hul kliphuisie op Struisbaai tuisgegaan voordat dit aan die nuwe eienaar oorhandig sou word.

Op 'n koue, winderige mid-




**BO:** Wildemakoue is groot voëls wat maklik oor die 6kg kan weeg. Ek het Blaser-patrone gebruik, gelaai met 32g nommer 4-haelkorrels. Hierdie is nog 'n jongerige makou.



**BO:** Die spoor op die wildemakou se vlerk. Hulle kan veel langer word. **ONDER:** Let op hoe lank is die makou se snawel, net so lank soos die 70mm geskiete Blaser-patroon se dop.



dag in Maart stap ek toe by dié huisie in Marlynstraat uit waar Pa Dirkie die geweer jare tevore aan my gegee het. Ek het koers gekies na die Van Brakel-Stoor, geleë tussen Napier en Caledon. Dis waar ek en Kobus mekaar sou ontmoet.

Ek het gewonder hoe suksesvol ons sou wees want 'n tierende wind het sy woede oor die Overberg geblaas.

Kobus het my na een van sy gunsteling-skietplekke geneem en toe ons daar aankom, sien ek dat hy reeds vroeër die dag 'n hele klomp lokkers rondom 'n vlak pan uitgesit het. Ons het aan die windop-kant van die pan stelling ingeneem en volgens Kobus sou die voëls (as hulle maak soos altyd) reg teen die wind inkom oor ons koppe na die pan toe. Ons skote sou dus weg van die water wees.

### KOLGANSE VERPES SAAIBOERE

Behalwe vir kolganse, wou ek ook 'n wildemakou of twee skiet, want ek het nog nooit een met 'n haelgeweer geklits nie. Op Kobus se aanbeveling het ek 32g, nr. 4-patrone gekoop vir dié taai reuse. Toe ek sien hoe klein 'n nr. 4-haelkorrel is (3.25mm in deursnit) het ek gewonder of ek nie maar growwer hael moes gekoop het nie.

Kolganse is deel van die eend-, gans- en swaanfamilie en is endemies tot Afrika, suid van die Sahara en die Nylvallei. Hulle is deur die ou Egiptenare as heilige voëls beskou en kom volop voor in ou Egiptiese kunswerke.

Daar is ook populasies in Wes-Europa (veral Brittanje), die VSA en selfs in Nieu-Seeland. Hulle is afstammelinge van ganse wat vroeër deur mense na dié dele geneem is.

Met 'n gewig wat wissel van 1.1 tot 3.5kg en 'n vlerkspan van 134 tot 154cm, is kolganse nogal groot en selfs húlle vereis growwe hael.

As gevolg van min natuurlike vyande en volop kos, het kolganse se getalle baie toegeneem en hulle is verantwoordelik vir groot skade aan gesaaides op baie plekke in ons land. Daar- »

» om dat sommige boere voëljagters verwelkom.

**GEWIGTIGE WILDEMAKOUE**
Wildemakoue is ook deel van dieselfde familie as kolganse maar weens 'n paar anatomiese verskille word hulle in 'n ander subfamilie geplaas (*Plectropterinae*). Hul verspreidingsgebied is bykans dieselfde as kolganse s'n maar effens meer beperk. Wildemakoue is Afrika se grootste watervoël en een studie het bevind dat die gemiddelde gewig van 58 mannetjies 5.52kg was en dié van 34 wyfies, 3.35kg. Hul vlerkspan bereik amper twee meter. Die snawel alleen kan van 5.7 tot 6.4cm lank wees.

Behalwe vir hul groter grootte, verskil makoumannetjies ook van wyfies deurdat hul rooi gesigvlek groter is as die wyfies s'n en daar is 'n knop by die basis van die boonste mandibel. Hul roep is 'n fyn fluitgeluid wat basies net deur die mannetjies geuiter word. Die Engelse naam *spurwing* is te danke aan die skerp spoor wat op die voorkant van die vlerk aangetref word… en nee, daardie spoor is nie giftig nie!

Wildemakoue eet ook gras en gesaaides soos kolganse, maar word nie as so 'n groot pes beskou nie omdat hulle getalle kleiner is. Iets interessants wat ek op die internet raakgelees het, is dat hul vleis glo giftig kan wees omdat hulle by tye die giftige blaartrekkewers *(blister beetles)* vreet. Dié kewers skei kantaridin af, 'n chemiese stof (*cantharidin)* wat erge blase kan veroorsaak as dit op jou vel beland. Die bekendste blaartrekkewers in Suid-Afrika is daardie geel-en-swartes. Blykbaar is 10mg kantaridin dodelik vir die mens.

Ek betwyfel egter bogenoemde inligting se korrektheid en Kobus de Kock vertel ook dat hy al baie makoue se kropinhoude bestudeer het en nog nooit goggas daarin gekry het nie, net graan.

Wat wel 'n feit is, is dat die blaartrekkewers se chemise afskeiding dikwels as afrodisiakum (liefdes-opkikkermiddel) gebruik word en bekend staan as *Spanish Fly*.

**TOE KOM HULLE *EN MASSE***
Toe die voëls sterk begin vlieg, het die ou Stevens se stem met gereelde tussenposes gedreun. Kobus het my gewaarsku dat daar ook baie bloukraanvoëls saam met die ganse vlieg en vir hulle mag jy glad nie skiet nie. Gelukkig het ek darem nie daardie fout begaan nie.

Ek het baie goed begin maar toe die kluts kwytgeraak en 'n paar misskote geskiet. Met die groot aantal ganse het ek soms nie geweet op watter een om aan te lê nie en dan oorhaastig skote afgetrek. Partykeer ook as hulle te ver was. Veral weens hul grootte, lyk die wildemakoue nader en stadiger en ek het hulle nie genoeg gelei nie.

Later het ek agtergekom dat ek nie my wang behoorlik teen die kolf anker nie en dus die hele rib sien in plaas van net die bessie-korrel. Daardie skote het ook net blou lug getref. Teen die einde het ek myself reggeruk en toe het dit weer goed gegaan.

Ek sal my eerste wildemakou nie gou vergeet nie want ek het die ou reus met die eerste skoot uit die lug laat tuimel. Toe hulle nader kom, het ek eers nie besef dis makoue nie, maar toe ek oor die Stevens se lope kyk, sien ek die wit-en-swart lyf en dat dié voël heelwat groter is as 'n kolgans. Met die lope so effens voor sy snawel, het ek die sneller getrek en deurgevolg. Die nr. 4-hael het met 'n duidelike slag getref en die groot voël grond toe laat duik.

Kobus het later ook lus gekry om in die aksie te deel en sommer gou-gou vier kolganse laat val. Dit was reeds sterk skemer toe 'n enkele kolgans weer aan ons linkerkant verby vlieg. Ek het hom lêgemaak en vir Kobus gesê dis nou genoeg. Ook maar goed so, want toe ons die voëls tel, kom ons agter dat ek my volle toegelate daaglikse kwota van tien kolganse geskiet het. Saam daarmee was daar twee wildemakoue en die twee kopereende. Ek het ongelukkig ook een kolgans gekwes.

**HERINNERINGE WAT SAL BLY**
Wat ek van my eerste gansskiet sal onthou, is die groot getalle voëls – swaar zeppelins wat met stewige vlerkgeroei oor ons koppe geseil het. In die skemer sien jy hulle soms glad nie aankom teen die donker agtergrond van die Overberg se rûens nie... totdat hulle sommer hier by jou is. Dan moet jy opspring en in een vloeiende beweging skiet of dis te laat. Ek het ook besef dat ek nog baie oefening kort voordat ek 'n bedrewe haelgeweerskut sal wees.

Wat hierdie voëljag ook besonders gemaak het, was Kobus se teenwoordigheid en hulp. Dit was lekker om 'n ervare voëljagter in aksie te sien en ons gesels het glad en gemaklik verloop. Hy is 'n gans van ons plaas se dam! Ek moet hom ook spesiaal bedank want hy het *retriever* gespeel en die meeste van die voëls wat ek geskiet het, gaan optel. Dankie Kaspaas, jy is 'n yster! (Sien die artikel oor Kaspaas op bladsy 26.)

Toe ek die aand terug ry na die kliphuisie op Struisbaai, was my hart dankbaar teenoor mense soos Kobus de Kock en Pa Dirkie. Die ou Stevens het in een middag 'n vlammetjie in my hart behoorlik brandgemaak... om meer dikwels in die laatmiddag te gaan wag vir die vlerkslae van die Overberg se zeppelins.

In 2013 het ek oor die Stevens in *ManMagnum* geskryf: "Pa Dirk, ek lig 'n glasie op jou en die Stevens. Ons twee, ek en die Stevens, sal in die Overberg kom stap waar jou spore eens gelê het... ek sal aan jou dink en dankie sê... vir alles."

Daardie belofte het ek nou nagekom.






www.safarioutdoor.co.za
SAFARI OUTDOOR
STEYR ARMS
KIES 'N JAGGEWEER WAT ELKE SKOOT LAAT GELD
STEYR ZEPHYR II ........ Beskikbaar in .22 LR Rimfire
STEYR CLASSIC II ........ Beskikbaar in .243 Win, 6.5x55 Swedish, .270 Win, 7x64 Breneke, .308 Win, .30-06 Springfield, .300 Win Mag, .300 WSM en 9.3x62 Mauser
STEYR SM12.. Beskikbaar in 6.5x55 Swedish, .308 Win, .30-06 Springfield en .300 Win Mag
STEYR MONOBLOC........ Beskikbaar in .30-06 Springfield
SO200525 STEYR W&J 275x210
TERWYL VOORRAAD HOU. BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD. BF&W.
JOHANNESBURG
Rivonia Crossing II,
3 Achterweg, Sunninghill
Tel: 0861 14 35 45
PRETORIA
Lynnwood Bridge-sentrum, h.v.
Daventry- & Lynnwoodweg
Tel: 0861 22 22 69
STELLENBOSCH
Devon Place-Sentrum, h.v. R304
& Bottelaryweg, Koelenhof
Tel: 0861 11 43 30
OOSRAND
East Rand Retail Park,
North Randweg, Boksburg
Tel: 0861 000 071
WESRAND
Cradlestone Winkelsentrum,
Hendrik Potgieterweg, Ruimsig
011 662 2100
volg ons op sosiale media
of besoek ons webwerf: www.so.co.za

# A "TRAGIC" COMEDY OF HUNTING AND OTHER ERRORS

When things go wrong, they truly go wrong.

At school, and being Afrikaans, we always joked about the literature of William Shakespeare. However, older and somewhat wiser now I realise that he might have been right all along with his "tragic comedies", especially in the context of hunting. He was after all an accomplished hunter himself.

Hunters often make errors, especially under bushveld conditions. This typically happens when you experience a moment of irrational trigger finger action. Although an "experienced" hunter, I had what transpired into a comedy of errors during one of my Bushveld trips during 2019. To my dismay, I also learnt that it is quite possible to begin your "error show" on the shooting range.

Suffice to say that a certain chairman of the local SAHGCA branch became a member of the halfmoon club while sighting in his big-bore rifle on the afternoon prior to the annual prestigious President Shoot hosted by that specific branch. For this tiny mishap, he (yours truly) was the proud but humble recipient of an emergency kit at the prize-giving ceremony the next day!

### A TOUGH FIRST DAY

OK, back to hunting. It was an early season hunt in the northern mopane bushveld of the Breslau/Pontdrift district. The area received good late rains resulting in the bush being very dense. The warm, windless weather complicated matters further. We resolved the difficult walk-and-stalk state of affairs by



Danie proudly receives a medical kit as prize for his "halfmoon club" accomplishment!



Danie's comedy of errors began on the shooting range during a SAHGCA President's shooting competition a week or so before his hunt.

keeping mostly on dirt tracks or game paths that criss-crossed the property. Four despondent hunters were sitting around the campfire on the evening of the first day. Oryx and eland were on our hunting menu due to these animals' tasty meat. Our campfire discussion concluded that successfully hunting one of these would be very difficult and that we should resolve to the well-known hunting maxim of "take whatever the veld offers".

Walking very slowly along a dirt track early the next morning, I found myself quite a few paces behind the tracker. Suddenly my eyes caught movement behind some dense vegetation. It was a big kudu bull. The tracker ahead of me was unaware of the kudu and I battled to get his attention to stop him. Eventually he heard my low whisper. During this already out-of-control situation, the kudu realised something was amiss. He stopped a mere 20 yards away behind a thorn bush. It was a magnificent bull with very wide, sweeping horns.

The kudu bull mentioned in the strory. I dropped it with a single shot from a distance of 190m. We used a wheelbarrow to recover the bull and this method of recovery worked to perfection.

» *bome* and *taaibosse* until I ran out of cover when the animals were about 170m away. After the previous season's springbuck ram, I felt quite confident that I could take a shot. By using my binoculars, I found a mature ram among the herd at the bottom of the steep slope. I made myself comfortable with the Swede on the sticks and noticed through the scope, set at 8x magnification, that it was quite a nice-bodied ram. Aiming behind the shoulder I fired. The ram stumbled a few paces downhill, and then disappeared behind some shrub. I wasn't worried at all because I knew my shot was good. The bullet hit slightly high and above the heart but hit the top of the lungs, killing the impala within seconds. I was chuffed!

The afternoon drew a blank with the wind reaching hurricane force, but the next morning was crisp and quiet. I was keen to get another ram but had two aborted stalks due to some long-necked ewes spotting me and sounding the alarm. At midday on my way back to my *bakkie*, and after topping a little ridge, I spotted three warthogs trotting in Indian file along a game track. They were on their way to the neighbour's fence about 100m away, after having visited a nearby water hole. They were 120m from me and I knew that they would not stop.

Now, I haven't tried running



Eastern Cape landscape. *Witgat* or shephard's trees are plentiful in this part of our country.

shots for some time but on the spur of the moment I raised the Zoli, swung half a pig-length ahead of the leading sow and touched off. I heard the bullet connect and saw the hog turning tail, rushing through the shrub as only a heart-shot animal will do. One warthog, confused by my silencer-muffled shot, came running full-tilt straight towards me. At first I thought it was charging me but then I gathered myself, lined up on the pig and at about 20 paces shot it through the head.

The third hog who had turned back towards the water hole, then decided the neighbour's side would indeed be safer and headed for the fence again. I knew it would hesitate at the hole for a second or two and waited with the Zoli at the ready yet again. When the warthog ducked halfway under the lower fence-strand, quartering away from me, I let rip at its head and it died on the spot without even kicking. Three shots, three warthogs! I felt even more chuffed than after my impala ram. The Italian Swede was really boosting my confidence.

## AN INVITATION

After recovering the pigs my host offered me the opportunity to hunt an area of about 1 000ha that was not game-fenced. I was welcome to shoot a kudu bull there, but there were also some springbuck and the odd impala and plenty of pigs. He, however, warned that stalking a kudu bull there would not be easy due to the more open terrain. I have hunted this property before, and the experience gained over decades of stalking kudu on my deceased in-laws' property near Prince Albert, where cover is generally very limited, gave me some confidence. I would initially stick to the short, dry, sweet-thorn-lined drainage lines, working my way up to a hillock that houses the only good cover, consisting of *spekbos, pruimboom, witgat* and *boerboon*. If I could reach that area undetected, I would have a chance.



I shot this warthog (one of three which I downed within seconds of each other) as it was about to crawl under a fence. The Zoli 6.5x55 certainly delivered on the day.

I am a firm believer of rather being over-gunned than under-gunned, but decided not to swap the 6.5mm for the 7x64, since the chances of finding a bull was limited, and if no kudu would offer a chance, I could possibly stalk a springbuck. Subconsciously I wondered if the 6.5, loaded with 120gr Claw bullets, would be powerful enough for kudu.

The dongas and dry rivulets produced nothing but some bat-eared foxes and a duiker, fortunately running across the flats and not towards my target area. I carefully worked my way onto the vegetated hillock and found a place which offered me a view over a depression I previously named "Amphitheatre". I selected a spot in the shadows of a sneezewood and started scrutinizing the area within the amphitheatre, which was about 150 metres across and 300 metres long. Besides a magic view on the magnificent Cockscomb Mountain Range in the distance, I saw nothing else for almost an hour, but a family of warthogs feeding on their knees about 30 metres away and a steenbuck ram that browsed to within five metres of me. I didn't dare batting an eyelid until he was out of sight.

## A KUDU IN SIGHT

Suddenly, I noticed a lone kudu cow at 11 o'clock across the depression, trying to soak up the late-afternoon sun. I sat tight. Half an hour later, I saw the tips of a bull's horns behind some thick *spekbos* at about three o'clock. Ten minutes later I had marked four bulls, three of them were trophy-size animals while the fourth one's horns had just completed their second turn, a four-year-old meat bull. None of them offered a clear shot. They were quietly browsing across my front, showing themselves partially from time to time, and I was becoming worried that they may disappear over a little ridge, outside my line of sight. That happened soon enough, and I had no choice but to relocate some 30 metres up-slope to keep them in sight. I took extreme care not to make any noise... looking twice, stepping once, and after about five minutes reached my selected spot. Something told me to set up the sticks immediately and get the Swede ready.

I did that and then noticed what looked like a piece of grey kudu hide through a small opening in the *spekbos* shrub. Looking through the scope I could see a white, vertical line. Then I saw horn tips and recognised the animal as the youngest of the four bulls. I was looking at the first white line behind the bull's shoulder through a gap in the bush. With the bull 190m away I made up my mind. My hold on the Stable Sticks was solid and that bull could take one step forward any moment, disappearing from sight.

I double-checked through the telescope (set at 8x) that there were not any intervening twigs, and pressed the trigger. The bullet hit with a solid thump and the bull emerged, running flat-out directly away from behind the *spekbos*, but its white tail was up! From the corner of my eye I noticed the other kudus scattering in all directions, but I kept my eyes on my bull, until it disappeared behind some thick shrub. Then I saw a small cloud of dust rising and knew he was down.

I mentally marked a lone, red-blooming *boerboon* as a landmark, but it still took some casting about to pick up his running spoor. He covered less than 50m before going down and I found him dead, shot through the lungs. It was not a trophy bull, but I was after a meat animal anyway.

## BULLET PERFORMANCE AND RECOVERY

The 120-grain Claw had passed straight through the bull's chest with the exit wound about three times bigger than the entry wound, indicating good bullet expansion. The 6.5 mm has lived up to its reputation. During the slaughtering process I noticed that the bullet had punched through a rib bone on each side.

The recovery was somewhat tricky, but an ordinary wheelbarrow did the trick. The two labourers helping me to recover the bull knew the technique, and the carcass was on the bakkie within half an hour after we started the recovery.

I realise that you cannot judge a calibre's capabilities after shooting a small number of animals, but it would be an understatement to say that I am extremely chuffed with my Italian Swede, after three hogs, a ram and a bull!






**BO:** Ons arriveer by die Safari Hotel in Arusha, Tanzanië, waar ons op die gronde voor die hotel oornag. **REGS:** Ek en Marie op ons troudag, 18 September 1963.

# DIE UITNODIGING

'n Reis lank gelede deur Donker Afrika na verre Kenia.

"As die polisie ons nou vang, word ons opgesluit en vir ewig agter tralies gebêre," het Breg gehyg...

Dit was die jaar 1961 en ek het 'n uitnodiging van my meisie, Marie, ontvang om vir haar op hul plaas in die Eldoret-omgewing in Kenia te gaan kuier. Wat die uitnodiging meer gewig laat dra het, was die belofte dat haar pa vir my 'n jagtog sou reël.

Ek het twee vriende saamgeneem: Piet, 'n universiteitsvriend, en Breg, 'n vriend wat familie in Kenia gehad het. Volgens sommige van ons vriende sou ons reis maar gewaagd wees, maar TS Elliot sê in dié verband: *"Life is either a daring adventure or nothing at all."*

Breg se ouers het vroeër jare per motor Kenia toe gery en by hulle moes hy dus al die nodige inligting oor ons reis daarheen kry. Verder was sy teenwoordigheid noodsaaklik, want hy sou die voertuig voorsien én hy was meganies aangelê. Piet, weer, was in beheer van die kos, eetgerei en beddegoed.



Ons maak vuur om die haas te braai, maar helaas... dit was oortrek met bosluise wat ons eetlus laat verdwyn het.

Ons aanvanklike twyfel en onsekerheid het mettertyd verander in entoesiasme. Ons het ure gesit en padkaarte bestudeer om die beste roete uit te werk. Een of ander wyse persoon het gesê: *"Travel is the only thing you buy that makes you rich and is never a matter of money but of courage".* Die 1960's was die tyd van onafhanklikheidswording vir baie Afrikastate en ons het vooraf inligting gekry oor die gesindheid van die inwoners van die lande waardeur ons sou reis, naamlik Rhodesië, Zambië, Tanzanië en Kenia.

Ek en Piet het besluit dat ons nie Donker Afrika kon aanpak sonder vuurwapens nie. Ons twee was wel goed bekend met vuurwapens, maar Breg wou net mooi niks daarvan weet nie. In Pretoria is ons na 'n wapenwinkel waar ons by die bestuurder gaan kers opsteek het. Hy het met groot belangstelling na ons planne geluister en op sy aanbeveling koop ons toe elk 'n .38 Smith & Wesson-rewolwer met oorspronklike leersakke. Die lisensies kon ons 'n paar dae later kry, waarna die bestuurder sou reël dat ons op 'n skietbaan kan






**BO:** Ons bereik die ewenaar op pad na Eldoret. **REGS:** Ons kamp in die Skeurvallei saam met Marie se familie.

gaan oefen. Ons is daarna na die polisie toe om uit te vind wat ons te doen staan by die verskeie grensposte. Die polisieman het aanbeveel dat ons die wapens by elke grenspos verklaar.

### DIE RIT DAARHEEN

Ons besluit vooraf was dat ons so vinnig as moontlik sou deurdruk tot by ons eindbestemming. Met ons terugkeer sou ons dan rustig tyd bestee op besienswaardige plekke. Al drie van ons het vroegoggend, toe ons vertrek, voor in die bakkie gesit. Agterop was 'n dubbelbedmatras waarop ons beurte sou maak om te slaap. Met tye was daar elke 10 myl 'n mylklip. Ons het maar swaar gekry met die nagbestuur en soms is daar na elke tweede mylklip bestuurders geruil.

Rhodesië se berugte tweespoorpaaie het ons baie moeg gemaak. Dit het ook gou duidelik geword dat Piet vir te min kos gesorg het. En daar was nie eintlik plekke langs die pad waar ons kos kon koop nie, net vulstasies vir brandstof. Ons was al baie honger toe die soveelste haas oor die pad hardloop en nét daar besluit ons: Dis mos kos wat daar weggekom het!

Dadelik besluit ons toe dat die volgende haas geskiet moet word. Ek het met die rewolwer in die hand by die oop venster gereed gesit en wag vir 'n kans. Nie lank nie, of die volgende haas maak sy verskyning. Breg het ankers aangeslaan en toe die haas skaars 10 treë van die pad af stop, klap die skoot. Ons het die haas agter in die bak gegooi en verder gery om 'n plek te soek waar ons dit kon braai.

Terwyl ek en Piet hout bymekaar maak, moes Breg die haas afslag. Ewe skielik het ons 'n benoude gil van die bakkie af gehoor en toe dadelik soontoe gehardloop – die haas was oortrek met bosluise en almal se eetlus was daarmee heen. Ons gooi toe maar weer die haas agter in die bak en kry later 'n smous langs die pad aan wie ons die haas verruil het vir 'n ui en 'n paar tamaties.

### DEUR ZAMBIË EN TANZANIË

By Kariba draai ons toe af om hulle ablusiegeriewe te gebruik en besluit sommer om vir elk 'n visstok te huur sodat ons vis kon vang. By die opsigter het ons aas gekry en, nie lank nie, of ons vang twee tilapias. Met die vis vat ons weer pad en 'n ent in Zambië in hou ons toe stil om dit te braai. Die vleis was egter te sag om filette van te sny, toe maak ons maar vissop saam met die tamaties en ui. Dit het goed gesmaak en ons het alles opgeëet.

In Zambië was daar oral rooibokke langs die pad en die versoeking het al groter geraak soos die honger knaag... as ons 'n rooibok in die hande kon kry, kon ons vars lewer vir die volgende ete geniet. Die res van die vleis sou ons los vir die honger kinders wat ons oral langs die pad gesien het. So maak ek en Piet toe reg om rooibok te skiet. As Breg stilhou, sou ons gelyk skiet. Breg moes vir ons aftel.

Kort voor lank kry ons 'n troppie rooibokooie, maar na die skote lê daar geen bok nie. Ons begin bloedspoor soek, maar niks. Ons sprei uit in die bosse om te soek en hoor toe stemme al nader kom. Die bakkie het 'n ent weg gestaan, met oop deure en lopende enjin. Dis tóé dat Breg dringend waarsku dat ons in groot moeilikheid kan kom. Ons storm toe gelyk op die bakkie af, spring gat oor kop in en trek met spoed weg, om eers na 'n paar myl weer behoorlik tot verhaal te kom.

### AANGELAND IN KENIA

Laat die middag kom ons in Arusha, Tanzanië aan. Nog een skof het voorgelê. Ons het die bakkie op 'n oop stuk gond voor die hotel geparkeer. Daar was egter 'n funksie in die hotel en ons was verplig om te wag voor ons die geriewe kon gebruik. Volgens ons berekeninge het daar toe nog so 400 myl vir ons voorgelê. Die volgende dag, ons derde op die pad, het ons Kenia se grens gekruis, daarna is ons deur Nairobi en Nakuru. By die ewenaar het ons gestop om 'n foto te neem en daarna uiteindelik op Marie-hulle se plaas net buite Eldoret, gearriveer.

My maag was op 'n knop – ek sou vir die eerste keer Marie se ouers, asook haar ouer suster en man, ontmoet. Maar almal was baie gaaf en ons is werklik soos konings behandel. Breg is laatmiddag weg om sy familie te gaan opsoek. »



Die mielielande op Pa Piet se plaas wat ons gebruik het as skuiling om die rietbok te jag.

» **LEKKER JAGSTORIES**

Marie se pa, Pa Piet, het ons later beïndruk met sy jagverhale en stories oor safari's wat hulle jaarliks onderneem het. Hy was sy lewe lank 'n grootwildjagter. Dit is veel interessanter om jagverhale uit 'n jagter se mond te hoor as om daaroor te lees. Hy is onder andere op ouderdom 12 deur sy pa gestuur om 'n leeu, wat hulle kalwers vang, te gaan skiet. Sy wapen was 'n Martini en hy moes met twee patrone sy taak verrig.

Hy het ook met 'n gekweste leeuwyfie en buffels kennis gemaak en gereeld olifante gejag. Sy staatmaker-geweer was 'n dubbelloop .470 wat nou nog in besit van een van sy kleinseuns is. Ander gewere in sy kluis was 'n 10.75x68, 'n 16-boor-haelgeweer en 'n .22 Mauser. Hy het vertel dat sy jagdae verby was, sy lyf was gedaan en vol skete.

So met die geselsery kon ek noem dat ek ook darem al gejag het en toe vra Pa Piet of ek nie 'n bok vir die huis wil skiet nie. Sy dogter het hom reeds herinner aan haar belofte aan my oor 'n jag. My eerste reaksie nadat ek van die skok herstel het (ek was doodbang om my naam krater te maak) was om skamerig my .38 S&W te wys. Toe was die ou man dadelik sigbaar ontsteld – hy het nog nooit tyd vir 'n .38 gehad nie. Ek is aangesê om die Mauser .22LR te vat en met 'n kopskoot 'n bok huis toe te bring. Nodeloos om te sê, ek het die daardie nag min geslaap. Toe ons gaan slaap, het ek die .22 kamer toe geneem en deurgekyk. Ek sou graag een proefskoot wou skiet, maar moes Pa Piet se woord vertrou dat die geweer in die kol skiet.

**MY RIETBOKJAG**

Rietbokke was algemeen daar in die vleilande en daar was ook gewone duikers en oorbietjies. Ek sou natuurlik graag 'n rietbok wou skiet, Pa Piet het nie die spesie gespesifiseer nie.

Anders as in Suid-Afrika, werk net mans as huishulpe en een van hulle is aangesê om my die volgende oggend as gids te vergesel. Met eerste lig was ek op en het hom buite gekry waar hy vir my gewag het. Hy het beduie dat hy weet waar ons die bokke sou kry en stap toe met 'n voetpaadjie in die rigting van die mielielande. My gids het beduie dat ons die bokke anderkant die mielies sou kry. Toe ons tussen die mielies deurloop, raak 'n groot vleiland in die verte sigbaar. Die wêreld was natgedou, so ons kon geluidloos stap, en die mielies het goeie skuiling gebied.

Ons het 'n ent gestap en net op ons hurke gaan sit om verder plan te maak, toe die gids met groot oë in die vlei af beduie – 'n groot rietbokram het van die oorkant van die vlei af te voorskyn gekom. Hy was so 100 treë ver. Daar was twee keuses: bekruip deur die mielies of stap 'n draai en gebruik 'n stuk natuurlike bos anderkant die vlei as skuiling. Ek was egter huiwerig om die ram vir só lank uit die oog te verloor en ons besluit toe om net 'n bietjie dieper tussen die mielies in te beweeg vir meer skuiling sodat ons nader aan die ram kon kruip. Die wind was in ons guns en ons is handeviervoet vorentoe.

Toe ons weer stop en opkyk, sien ons 'n ooi het by die ram aangesluit. Toe ek regoor die ram kom, het ek plat gaan sit, met die gids langs my. Ek soek toe 'n dooierus en die gids beduie dat



**VAN LINKS:** Ma Mara, my vriend Piet in die agtergrond, Marie, en heel regs, Pa Piet.

ons twee mielieplante oorkruis moet buig sodat ek die mik wat gevorm word, as rus kan gebruik. Ons was naby aan die kant van die land en die gids moes op sy maag lê en 'n opening in die blare maak vir my om deur te skiet. Die ligte wind was lastig en kortkort was daar iets in die pad, maar dit het gelukkig enige geluide van ons kant af gedemp.

Ek het gesukkel om my sit te kry maar toe die ram sy kop skielik lig asof hy onraad merk en na ons kant toe kyk, was die korrel tussen sy oë... Toe ek die Mauser se sneller druk, het die rietbok soos 'n klip geval en ons kon naderdraf om hom keel-af te sny. Ek het dankie gesê met 'n vinnige skietgebed – dit was 'n groot oomblik in my jagloopbaan en het verseker my aandele by die familie en my meisie 'n groot hupstoot gegee.

### HEERLIKE KUIERS IN KENIA

Ek en Piet is lekker bederf met verskeie uitstappies, waarvan een 'n groot familiesaamtrek na die Skeurvallei was, toe 'n toer na Mombasa en die Tsavo-wildtuin. Ons was ook Nairobi toe. Op Geloftedag (16 Desember) was daar 'n groot boeredag in die kontrei. Dit was vir ons interessant dat die meeste van die boere Afrikaans gepraat het – dit het amper gevoel of ons terug is in Suid-Afrika. Daar was 'n .22-skietkompetisie met 'n slagskaap as eerste prys en die inskrywingsgeld was vyf rand. Die familie het vir my 'n kaartjie gekoop en my telling was die hoogste, totdat 'n jong, gedetermineerde boer my met sy vyfde probeerslag gewen het!

Vir ons toer na Mombasa, wat sowat 400 myl van die plaas af was, het Marie se swaer ons onder hande geneem en ons ingelig oor al die gevare en probleme wat ons kon teëkom. Hy was 'n offisier in die King's African Rifles (Kenyan Regiment) en het jou hare laat rys met sy stories van die ongelooflike wreedhede wat gedurende die Mau Mau-oorlog plaasgevind het. Hy het gewaarsku dat jou keel sommer vir 'n grap afgesny kon word. Ons het besluit om maar op Mombasa in die agterplaas van 'n polisiestasie te oornag. Gedurende die dag het ons die wêreld platgery en selfs 'n boot gehuur om te probeer marlyn of seilvis vang.

Na Mombasa is ons toe Skeurvallei toe vir Kersfees – met 18 familielede en vriende, en vyf kokke en werkers. Dit was interessant om te sien hoe Pa Piet die kampterrein uitgelê het met die spens eenkant, die kombuis en kookplekke effe weg en die slaapplek, wat die grootste deel van die onderdak-spasie ingeneem het. My en Marie se slaapplekke was, nodeloos om te sê, ooglopend ver uitmekaar.

Daar was trommels vol brood, roosterbrood, botterkoekies, beskuit en ander lekkernye. Dan was daar gaar kouevleise, melk, braaivleis, koeldrank en bier. Natgemaakte goiingsakke is oral opgehang om voorrade koel te hou. Ons het in die veld gaan stap en in die Keriorivier, wat langs die kamp verbygevloei het, geswem en visgevang. Daar was nie ander mense of tekens van bewoning binne myle van die kamp af nie, so ek en Piet was heel trots om ons rewolwers oral saam met ons te kon dra.

Die dag na Kersfees het daar drie Masai-mans die kamp binnegestap. Pa Piet en die ander grootmense kon almal vlot Swahili praat en het met hulle gesels. Ons was baie geïnteresseerd in hulle assegaaie en pyl-en-boë. Hulle het vir ons 'n skietdemonstrasie gehou en die Kersballonne van die vorige dag op 30 treë stukkend geskiet. Ek was so beïndruk, ek het 'n boog en drie pyle ten duurste by hulle gekoop.

Die laaste aand om die kampvuur was daar duidelik 'n gevoel van afwagting... dit het toe uitgeloop op my en Marie se verlowing.






A close-up of the Webley screw-grip action after the restoration was completed and the gun reassembled. Virtually all traces of the damage to the gun have been erased and the scroll engraving is once again crisp.

# A GAME GUN FOR AFRICA

Restoring a century-old stalwart to its former glory.

About two years ago, I acquired a nice old 1914-vintage 12-bore shotgun by William Evans, a respected London maker. The gun was not in the best condition externally, but it was made on what is commonly known as a Webley screw-grip, box-lock action. As William Evans did very little practical gunmaking of their own, almost all of the guns and rifles sold prior to 1939 and bearing that firm's name, were made for them by Webley & Scott, one of the largest gunmaking concerns in Britain before World War II. Webley & Scott also produced guns for many of the other British makers and retailers of the time.

Screw-grip, box-lock actions have not been in production since the early 1940s but as they are renowned for strength and reliability, I bought the old gun, notwithstanding its sub-standard condition. The fact that it fitted me well enough and that the gun, with its 30-inch barrels swung like a dream were important deciding factors. After shooting it a few times, I decided to have it restored to a semblance of its former glory.

## ASSESSING THE DAMAGE

The damage (for lack of a better term) to the gun was serious but luckily not terminal. I suspect the Evans must have picked up some surface corrosion at some point and was then taken to a gunsmith to have it removed. Unfortunately, that gentleman decided to use an electric buffing wheel to remove the corrosion, and this is where the troubles started.

On the debit side, the engraving on the bottom plate, top-lever and one or two other parts was shallow and washed-out, and the lettering on the game rib between the barrels almost unreadable. Oh, the joys of a buffing wheel! The cherry on the cake was that all these parts were then hot-blued, removing any resemblance of the gun's original finish.

## NOT ALL IS LOST

On the credit side, the wood, which was also badly refinished, was easily salvageable and the flat-top chequering was dirty, but thankfully untouched. The stock was also free of any cracks or oil soak and, save for being slightly short for me – the length of pull is 14¼" – was generally in good condition. The barrels were blackened at some point, and notwithstanding the embrace of the buffing wheel to the rib, was in very good condition. Barrel wall thickness was excellent and at .730", bore diameter was right on the money as well. The ribs are still firmly attached and the Webley action, not surprisingly, is still as tight as a drum after more than a century of use.

Thankfully, when stripping the gun to individual parts, I discovered that the internals were in very good condition with no corrosion to be seen anywhere. The friction-bearing pins (called "wire" by the British) running through the action body on which the lock-work is mounted had probably never been removed since the day the gun left the Webley factory. So,





**LEFT:** The bottom-plate after engraver Jonathan Knoesen polished and recut the delicate scroll engraving. It was amazing to see how the original engraving came back to life again, thanks to Jonathan's touch.

**ABOVE:** With a restoration project such as the one described in the article, it is vital that the gun is stripped down to individual parts and thoroughly cleaned and inspected to assess the damage that has to be repaired.

all that was required to clean up the interior of the gun, was a thorough cleaning and lube job with a good synthetic grease.

Even though the gun is a non-ejector and therefore not worth a lot of money, it still sports a London address and the name of a famous maker. Also, the generally good mechanical condition of the gun certainly makes it a good shooter. Thanks to a replacement Silver's recoil pad (fitted by Faan de Vos), the gun fits me like a glove now and at improved cylinder/modified, the choke combination is just about perfect for guinea-fowl and francolin.

With all these factors in the back of my mind, I decided to forge ahead with the restoration process. After all, they don't make screw-grip actions anymore and after more than a century, the old Evans deserved a new lease on life.

### THE RESTORATION STARTS

As the metalwork was most in need of restoration, the first port of call was at the shop of engraver Jonathan Knoesen. Jonathan had a long, hard look at the damage through his magnifying glass and concluded that most of it was reversible. He stripped the gun down to individual parts and gave everything a proper cleaning to remove grease and other grime. Hereafter, the action body was boiled in an acid solution to remove a century's worth of ingrained dirt, old grease and oil. This process is very effective but removes all forms of lubrication as well, so a thorough application of lubricant afterwards is essential.

As the action body was case-hardened to begin with, it was left for last, but the top-lever, bottom plate, trigger guard, screw-heads, and other affected parts were stripped of all blueing by means of fine steel wool and the process of lifting the engraving commenced. As the outlines of the original engraving pattern were still visible, Jonathan recut the delicate scroll applied by some unknown engraver in Webley & Scott's factory in Weaman Street, Birmingham. It was amazing to see the engraving coming to life again and the metalwork seemed to regain its former glow almost immediately after Jonathan's careful restoration work.

Jonathan's tender application of hammer and chisel did not make the action body and other engraved areas look brand new, but rather as if they have endured a century's usage with pride and good care. I can only describe Jonathan's work as simply amazing, as the accompanying photographs show.

### TURNING TO THE STOCK

The next order of business was the wood. The existing finish was stripped, and the open pores filled. Thanks to successive layers of hand-rubbed finishing oil and dryers, the wood slowly came to life again and was eventually restored to its former glory. Whoever had a previous go at restoring the gun thankfully had the good sense to leave the chequering alone, so there was no need for drastic measures with the wood other than replacing the recoil pad and refinishing it.

After braving the humid December weather, the refinishing of the stock was finally done by February this year after which I carefully reassembled the gun, this time not cringing at the damage but rather admiring the work that has been done on it!

### A STEP BACK IN HISTORY

I have previously mentioned that the gun is a box-lock, non-ejector and therefore not necessarily a rarity as the Brits turned them out by the bundle during earlier times. A few years previously, however, I owned another, virtually similar, William Evans 12-bore. It had 28" steel barrels and the most beautiful wood on any firearm I have ever owned. Its stock dimensions were slightly quirky, however, so I sold it to finance something else.

With the previous Evans 12-bore, I went to the trouble of writing to William Evans (still in business at 67 St James Street, London), regarding the gun's history. To my surprise, they sent me a very comprehensive reply about the history, indicating that it was ordered in 1911 as one of a batch of six guns. It was sold to a Mr JH Bennett, a corn merchant from Ballinacurra, County Cork, Ireland. It was described in the Evans Day Book as follows: *An Evans twelve bore centre fire top snap, Anson & Deeley hammerless non-ejector gun with twenty-eight-inch steel barrels. Boring both barrels improved cylinder.*

Mr Bennett was charged £22.17.6 which included a fitting session at the Evans shooting grounds at Bexley Heath in Kent, and the gun was delivered to the London docks on 25 September 1913 for shipment to Ireland.

### BACK TO THE PRESENT

As my current Evans 12-bore »



As mentioned in the article, someone used a buffing wheel on the action in the past. As a result the engraving was shallow and washed out. This pre-restoration photograph shows the "damage" to the bottom-plate.



Notice the severe damage to the engraving on the action's tang from the previously badly-executed restoration effort.



The trigger guard after the engraving had been recut and the metal had been blacked again. It looks almost as good as the day the gun left the factory.

» dates from 1914 (I looked up the gun's serial number in the first volume of Nigel Brown's excellent book *British Gunmakers*), I suspect that it may have a similar history, but I haven't had the heart to fork out the £50 that Evans requires for looking up a gun's history in their ledgers. In any event, the gun is once more ready for many years of faithful service, so I'd rather spend money on cartridges than expensive letters!

With the restoration process completed, it was perhaps time to tally up the positives and the negatives of the project. On the negative side, I probably overspent on the gun, even though it wasn't all that expensive to begin with. The lack of ejectors also means that it will never be worth a small fortune, as the market has been very much in favour of ejector guns for decades.

On the plus side, however, restoring the Evans gave life back to a gun that hasn't been in production since the early days of World War II. It is made on an action that is considered to be one of the best of its type ever made, and with flawless 30" barrels, nicely figured wood and superb stock dimensions, it fits in perfectly with a cold Free State morning, just before the first guinea-fowl drive commences.

## GAME GUN IN AFRICA

In my humble opinion there is much to be said for using a non-ejector gun in the field. I have owned numerous ejector guns over the years, and it was always a bit of a pain to bend down and pick up empties during the thick of the action. It is actually so much easier to simply stuff empty shells into a pocket to be disposed of later, and I make a habit of carrying a rubbish bag in the truck during bird shoots for this very reason.



The finished product after the wood has been restored as well. At the ripe age of 106, this William Evans 12-bore is once more ready for the gamefields of Africa.

Another point to be considered is that my Evans is not a priceless Purdey or bespoke O/U by one of the high-end European manufacturers. I'm not implying for one minute that my gun is inferior in any way but being afield with a gun that is treasured and not necessarily a treasure has its advantages. This is simply because it is a given that your favourite scattergun will, over time, pick up a few dings and scratches from continuous use. With a moderately-priced yet dependable and quality gun such as the Evans, the dry heaves or muffled curses after a scratch or ding appears in the walnut stock is luckily slightly less painful!

Lastly, and perhaps most importantly, seeing the old Evans being transformed from an ugly duckling into an exquisite object of beauty has given me a lot of personal satisfaction. Notwithstanding overspending, it is just plain nice to know that a fine gun has been given a new lease on life.

It is even better to swing those 30" barrels ahead of a speeding francolin or guinea-fowl, pull the front trigger and see the bird plummet to earth in a cloud of feathers. And at that exact moment, the waiting and all the money spent suddenly seems very much worth it!


UNION VAULT
SAFETY DEPOSIT
BOXES
Jewellery~Diamonds~Firearms
Kruger Coins
Store your valuables with us
UV
www.unionvault.co.za
012 007 0807
email: info@unionvault.co.za


NIGHT FURY
SILENCERS I MUZZLE BRAKES I RANGE SHIELDS I GUN ACCESSORIES
WHEN I AM SILENT
I HAVE
THUNDER
HIDDEN
INSIDE
BBG
ENGINEERING
WWW.BBG.ENGINEERING I 012 653 0023 I INFO@BBG.ENGINEERING

TOETSVERSLAG | Deur ARMAND STEENKAMP




My Norinco.22LR met sommige van die ammunisie wat ek gebruik het vir my toetse.

# VOER JOU SELOENTJIE MET DIÉ KOS

Daar is deesdae 'n wye verskeidenheid van ammunisie waarmee jy jou .22LR se dieet kan aanvul.

Toe ek vir SA JAGTER/HUNTER se redakteur vertel dat ek van plan is om alle .22LR-ammunisie wat tans plaaslik beskikbaar is, te toets, het ek nie die vaagste benul gehad watter wille hingsperd ek opsaal nie. Ek het darem gehoop hy sou my waarsku.

Ek wou probeer vasstel watter fabrikate is alles beskikbaar en hoe dit in my geweer sal presteer. Na my toetse glo ek lesers sal 'n goeie idee hê van die kwaliteit van .22LR-ammunisie en dat hulle wel my bevindinge interessant sal vind. Onthou net, die ammunisie sal nie noodwendig dieselfde in julle gewere presteer nie.

Soos ek deur die land ry om sangvertonings te lewer, het ek by elke winkel, klein en groot, .22LR-ammunisie gekoop. Later het ek gedink dis onmoontlik dat daar 'n fabrikaat is wat ek nie reeds het nie, en ek het begin wens daar is nie nog oor nie. Maar elke keer het ek met nog 'n pakkie of twee by die winkel uitgestap. Vrind Fanus Venter het selfs vir my 'n paar pakkies gegee wat hy as oorskot by hom gehad het. Baie dankie daarvoor!

## KRY GEWEER EERS GEREED

Ek het begin deur my Norinco JW 15-geweertjie mooi skoon te maak. Dit vat gewoonlik so 'n paar skote voor 'n .22 weer skiet soos hy moet nadat jy hom skoongemaak het. Ek het toe eers so 20 skote geskiet voordat ek met die ernstige akkuraatheidstoetse begin het. Alle toetse is op 50m gedoen en ek het vyfskoot- en tienskoot-groeperings geskiet. Soos dit maar altyd is met toetse, was daar interessante resultate en ook 'n paar onverklaarbares. Hier en daar was die tienskoot-groepe beter as die vyfskoot-groepe.

Die eerste twee groeperings met 'n nuwe fabrikaat ammunisie was gewoonlik nie wonderlik nie. Die laaste twee groeperings was gewoonlik die kleinste van die vier vyfskoot-groeperings wat met elk geskiet is. Die rede daarvoor is dat die waslagie op die verskillende koeëltjies verskil van fabrikaat tot fabrikaat. Na die eerste twee groeperings is die meeste van die vorige koeëltjies se was uit die loop gewerk en maak die

groeperings weer toe. Ek het altesaam 35 verskillende tipes ammunisie getoets – 1 750 skote in totaal. Ek weet vir 'n feit daar is nog een of twee tipes ammunisie beskikbaar wat ek nie getoets het nie, maar die toets het net té lank geraak. Dis nie dat 'n man moeg raak vir skiet nie, maar soos die manne van Namakwaland sê, ek het so effe "sou" vir die affêre begin raak.

## VERSKILLENDE SNELHEDE

Die geweertjie is nie een keer skoongemaak tydens die toetse nie en ek was baie beïndruk met die Norinco se prestasie. Interessant vir my, was dat sommige van die fabrikate hoër snelhede uit my geweer gelewer het as wat die vervaardiger adverteer. Dit skryf ek maar toe aan die effens langer as normale loop. Daar was geen noemenswaardige haakplekke gedurende die toetse nie, alles het glad verloop. Deur die hele toets het ek een patroon gehad wat geweier het om af te gaan en dit was 'n Federal.

Ek sou graag van die patroontjies wat die beste op 50m presteer het, ook op 100m wou toets. Dit was egter 'n onmoontlike taak omrede dit windstil moet wees. As ek nog moes wag vir windstil dae, sou die artikel seker twee jaar geneem het om af te handel.

Met .22LR-ammunisie is dit maar 'n geval van, *"you get what you pay for"*. Oor die algemeen het die duurder ammunisie akkurater geskiet en laer ekstreme spoedvariasies gelewer. Daarmee bedoel ek nie dat die goedkoper ammunisie sleg was nie. 'n Voorbeeld hiervan is SK se geel-en-rooi boksies ammu- »

| FABRIKAAT | GEMID. SNELHEID | EKSTREME VERSPREIDING | TIENSKOOT-GROEP | VYFSKOOT-GROEP |
|---|---|---|---|---|
| **SK HVHP** | 1 200vps | 102vps | 24mm | 31mm |
| **Eley Edge** | 1 138vps | 47vps | 43mm | 15.5mm |
| **Rem Subsonic** | 1 082vps | 60vps | 87mm | 37.1mm |
| **Win Match** | 1 249vps | 69vps | 78.2mm | 47.5mm |
| **Win HVHP** | 1 356vps | 107vps | 75.9mm | 38mm |
| **Rem Target** | 1 130vps | 74vps | 78mm | 37.1mm |
| **CCI Subsonic** | 1 068vps | 51vps | 28.27mm | 18.7mm |
| **CCI Stinger** | 1 542vps | 152vps | 69.76mm | 21.5mm |
| **CCI Mini Mag** | 1 298vps | 44vps | 29.45mm | 22.5mm |
| **Eley Match** | 1 089vps | 33vps | 32.8mm | 15.8mm |
| **Lapua CenterX** | 1 040vps | 41vps | 41.7mm | 14.5mm |
| **CCI Velocitor** | 1 392vps | 72vps | 47.8mm | 28.1mm |
| **Fiocchi F300** | 1 026vps | 38vps | 34.2mm | 18.5mm |
| **Eley Tenex** | 1 102vps | 20vps | 26.3mm | 15.10mm |
| **American Eagle** | 1 257vps | 35vps | 46.1mm | 36.86mm |
| **Eley HVHP** | 1 248vps | 47vps | 27.3mm | 22.5mm |
| **CCI Standard** | 1 054vps | 39vps | 37.3mm | 12.61mm |
| **CCI Quiet** | 777vps | 21vps | 65.09mm | 38.8mm |
| **Eley Sport** | 1 080vps | 58vps | 45.7mm | 15.5mm |
| **Federal Standard** | 1 120vps | 63vps | 55.8mm | 40mm |
| **Magtech Sub** | 1 049vps | 48vps | 39.9mm | 16.7mm |
| **Magtech Standard** | 1 124vps | 71vps | 75mm | 31mm |
| **Win Wildcat HV** | 1 294vps | 71vps | 32mm | 24mm |
| **Sellier & Bellot Standard** | 1 079vps | 57vps | 49.3mm | 32mm |
| **Sellier & Bellot Subsonic** | 1 078vps | 67vps | 54.5mm | 24mm |
| **Sellier & Bellot HVHP** | 1 319vps | 37vps | 49mm (9 skote in 18.75mm) | 35mm |
| **SK Standard** (geel boks) | 1 038vps | 61vps | 57.8mm | 20.6mm |
| **Eley Subsonic** | 1 018vps | 79vps | 36.5mm | 30.3mm |
| **Win Subsonic** | 1 043vps | 55vps | 43mm | 36mm |
| **Win Hyper Velocity** | 1 447vps | 115vps | 32mm | 24mm |
| **Fiocchi TT Sport** | 1 164vps | 79vps | 27mm | 27mm |
| **SK Rifle Match** (rooi boks) | 1 040vps | 59vps | 30mm | 13mm |
| **Maxx Tech** | 1 121vps | 45vps | 97mm | 44mm |
| **Remington Yellow Jacket** | 1 398vps | 90vps | 45mm | 35mm |
| **Aguila Super Extra HV** | 1 269vps | 42vps | 32mm | 18mm |

» nisie wat baie goed presteer het. Hulle verhandel vir onder R100 'n pakkie.

### VINNIGER NIE ALTYD BETER

'n Ander interessante ding was dat die subsoniese en standaardsnelheid patrone die beste gegroepeer het en die hipersnelheid die swakste. Daarom het ek nie baie van die CCI Stinger, Velocitor, Remington Yellow Jacket en Winchester Hyper Velocity verwag nie, maar al die groeperings met hierdie ammunisie was onder 25mm, behalwe die Remington Yellow Jackets wat 'n groep van 35mm vir vyf skote behaal het (wat self nie te sleg is nie).

Die hoogste snelheid is deur die CCI Stingers gelewer, 'n haastige 1 542vps, en die laagste was ook uit die CCI-stal naamlik die CCI Quiet. Hulle het teen 'n rustige 777vps deur die Chrony gedraf. As 'n man die skoot aftrek, dan sien jy letterlik hoe trek daardie koeëltjie met so 'n boog na die teiken toe. Ek het 'n paar van die *"flyers"* in eg Namakwalandse taal probeer terugkry na waar die res van sy maatjies op die teiken bondel, maar dit was tevergeefs.

Ek het ammunisie getoets waarvan ek nog nooit gehoor het nie, naamlik die Maxx Tech van Bosnië. Ongelukkig het die groeperings gelyk asof ek die teiken met 'n haelgeweer bygekom het. Ek was baie beïndruk met die prestasie van CCI se patrone. Hulle het goed gegroepeer en die kleinste groepering het gekom van die CCI Standard-ammunisie met 'n groepering van 12.61mm. Ek het ook in die verlede baie goeie resultate met Sellier & Bellot se ammunisie gekry. Dié keer was dinge effe anders. Groeperings was nie naastenby so goed soos in die verlede nie. Die kort van die lang storie is dat elke lot ammunisie verskil. As jy 'n lot kry waarvan jou geweer hou, moet jy sommer heelwat van daardie lot gaan koop.

Ek het ook met 'n paar van die patroontjies 'n klompie probleemduiwe rondom die huis geskiet. Dit het maar net weer my mening bevestig dat jy liefs holpuntkoeëls op kleinwild moet gebruik. Selfs die subsoniese holpuntkoeëls se doodmaakvermoë was beter as dié van die soliede hoëspoed-koeëltjies.



Sommige van die teikens met die groeperings wat behaal is. Dit was soms moeilik om goeie groeperings te skiet want die wind in Namakwaland kan maar plaerig wees.

Ek hoop die toetse sal vir die lesers insiggewend wees. My seloentjie sal ek in die toekoms met CCI Standard en Subsonics stook, asook SK se rooiboksiepatrone. Ons is baie beter daaraan toe as 'n paar jaar gelede. Die verskeidenheid ammunisie wat vandag beskikbaar is, is ongelooflik. Daar is wel een leemte in die .22LR-stal en dis 'n plaaslike vervaardiger. En, ja dit is 'n skimp.



# VIR DIE JONGSPAN

Almal is nou, meer as ooit, by hul huise. Dit gee ons die perfekte geleentheid om 'n bietjie meer tyd in ons tuine te spandeer. Die vyf voëlspesies hieronder is algemene besoekers aan ons tuine wat gereeld opgemerk word.

KAN JY ELKE VOËLSPESIE BY SY NAAM PAS?



## HOEPHOEP

Tuinvoël van die maand

Die hoephoep met sy unieke voorkoms sal nie maklik met 'n ander voëlspesie verwar word nie. Hul kenmerkende kuif wat gewoonlik platgetrek is na agter, word slegs gelig wanneer die voël land, aandag probeer trek of versteur word.

LEMOENDUIF

HADEDA

SWARTKEEL-GEELVINK

GEWONE MOSSIE

INDIESE SPREEU









Die witstinkhoutboom het niks in gemeen met die ware stinkhout nie, maar het sy naam gekry weens die slegte reuk van sy varsgekapte hout. Dié bome, wat op die Hoëveld voorkom, is vinnige groeiers en is bestand teen droogte. Dit beteken dat hulle in die meeste omstandighede kan oorleef. Voëls en diere vreet witstinkhoutbome se vrugte in die veld in hul natuurlike habitat, terwyl dit goeie koelte verskaf in tuine.

Boom van die maand

## WITSTINKHOUT

*(Celtis africana)*



BLARE



BAS



VRUGTE

Antwoorde op bladsy 55.




Ek het die Swarovski Z5i 2.4-12x50 op my Mauser .243 Win gemonteer vir die skietbaantoets.

# SWAROVSKI Z5I 2.4-12X50 BT

Nóg 'n wenner uit die stal van hierdie markleier.

Swarovski se Z5-reeks teleskope is reeds jare lank bekend aan jagters. Eers het dié reeks net uit twee modelle bestaan, naamlik 'n 3-18x44 en 'n 5-25x52. Soos die gewilde Z3-teleskope, word die Z5's ook in Amerika gemonteer. Die groot kenmerk wat die Z3- en Z5-produkte van die ander Swarovski-modelle onderskei, is dat hulle hoofbuise 25.4mm in deursnee is en nie 30mm nie.

Daar is steeds derduisende mense wat hoofsaaklik te voet jag en wat dus ligter, kleiner en meer kompakte teleskope verkies. Swarovski het geluister na verbruikers en in 2019 die Z5 2.4-12x50 bekend gestel. Hulle noem dit die Forest Hunter. Met 'n maksimum vergroting van 12x is dit nie die tipiese teleskoop wat jy op daardie afstande wil gebruik wat so gewild is onder die langafstandjagters en ghongskieters nie.

Ek het verlede jaar so 'n 2.4-12x50 Forest Hunter gebruik om 'n rooibok mee te jag en die teleskoop het my regtig beïndruk. Op my ouderdom (lees die kwaliteit van my oë) is dié Z5 se beeld vir my net so helder as dié van 'n Z6. Jonger oë mag dalk 'n verskil agterkom maar myne kan nie.

**KRUISHARE EN STELKNOPPE**

Die gewildheid van die Z5-reeks het daartoe gelei dat Swarovski in 2020 besluit het om dié teleskope ook met verligbare kruishare toe te rus. Let wel, dis nie die hele kruishaar wat verlig nie, slegs die senterkolletjie. Dit was 'n goeie besluit, want nou kan al die Z5-aanhangers uiteindelik ook 'n Swarovski met 'n verligbare kruishaar besit.

Ek het net voor die inperkingstyd begin het, 'n Z5i 2.4-12x50 as toetsmodel ontvang van Whylo, die plaaslike Swarovski-agent. Ongelukkig het die tyd my ingehaal en kon ek dit net een middag op die skietbaan gebruik. Die toetsmodel het die konvensionele Plex-kruishaar met 'n senterkolletjie wat nie swewend is nie. Verder het dit ook 'n Ballistic Turret-stelknop (kortweg BT genoem). Hierdie stelknop het ringetjies met kleurkodeknoppies en kan gebruik word om vinnig vir afstand te stel (sien blokkie langsaan hoe dit werk).

Soos alle Swarovski's s'n, het ons toetsmodel se verstellings perfek gewerk, en akkuraat en herhaalbaar gestel. En toe die teleskoop eers ingestel was op 100m en ek uitgewerk het waar om die kleurkodeknoppies te plaas, was dit doodmaklik om die teiken op 200 en 300m te tref. Die totale verstelspektrum vir hoogte is sowat 2.5 en 1.4m vir rigting, beide op 100m. Hierdie is 'n jagteleskoop, dis nie bedoel vir tweemyl-ghongskietkompetisies nie.

Soos met die Z6-teleskope is die verligtingsmeganisme vir die kruishaar bo-op die oogstuk geleë en werk dit met twee skakelaars wat direk langs mekaar lê. Die knoppie aan die linkerkant is die aan/af-skakelaar. Jy skakel die verligting aan deur




Hierdie foto toon die skakelaars en die batterykompartement van die kruishaar se verligtingsmeganisme aan. Die aan/af-skakelaar is links en die een wat die helderheid verbeter is regs.

dié knoppie in te druk en dadelik te los. Druk dit herhaaldelik en los dit elke keer vinnig en die helderheid van die verligting neem af. Met die knoppie regs word die helderheid weer hoër gestel (daar is 15 verstellings). Deur die aan/af-knoppie in te druk en dit in te hou vir een volle sekonde, word die verligting afgeskakel. Die kleur van die verligte senterkolletjie is helder oranje en baie mooi sigbaar teen bykans enige agtergrond.

**VERLIGTING SE BATTERY**

Net soos met die meeste teleskope vandag, is die verligting se kragbron 'n enkele CR2032-battery wat onmiddellik voor die beheerknoppies in die toepaslike stoorplek gehuisves word. Anders as sommige teleskoop-verligtingstelsels het die Z5i se stelsel nie 'n outomatiese aan/af-funksie wat dadelik reageer as die teleskoop vertikaal gehou word of gekantel word nie. Die verligting skakel wel af na drie ure indien die gebruiker nie die helderheid daarvan gedurende daardie tydperk verander het nie. Met enige afskakeling word die helderheidverstelling wat laaste gebruik was, gestoor.

As die battery se krag begin min raak, sal die verligte kolletjie 'n paar keer flits nadat dit aangeskakel is. Dan het die battery slegs enkele ure se leeftyd oor. As die battery vervang word en die kruishaar word weer aangeskakel, sal die helderheid outomaties op verstelling nommer sewe wees.

Met die kruishaar se verligting afgeskakel, werk die senterkolletjie vir my oë ook uitstekend en in helder sonlig verkies ek om sonder die verligting te skiet.

Ek het verlede jaar al genoem dat die Z5 2.4-12x50 'n puik teleskoop is en met die opsie van 'n verligbare kruishaar is dié model uit Swarovski se stal net nóg beter. Dit is werklik 'n teleskoop wat ek met groot vrymoedigheid aanbeveel. Om eerlik te wees; my hart brand om self een te besit.

Swarovski-produkte is nie goedkoop nie en die Z5i is geen uitsondering nie. Hierdie modelle is egter veel meer bekostigbaar as dié in die Z6i-reeks en sommige mense verkies dit dan ook bo die Z6i-modelle. Ons toetsmodel se voorgestelde verkoopprys is so rondom R29 000.

Z5i-teleskope behoort by die handelaars te wees teen die tyd dat julle hierdie uitgawe van SA JAGTER/HUNTER ontvang.

## DIE BALLISTIC TURRET-SISTEEM

Alhoewel die Ballistic Turret-sisteem seker al amper 10 jaar gelede bekendgestel is, mag daar dalk mense wees wat dit nog nie ken nie, daarom 'n kort verduideliking.

Hierdie sisteem behels bloot dat jy die verstelknop vir hoogte maklik kan verstel vir skiet op langer afstande sonder om die aantal klikkies te moet tel. Die verstelknop bevat drie ringe met kleurkodes wat só op die stelknop gemonteer kan word dat jy, behalwe vir jou 100m-instelling (zero) nog drie ander instelafstande kan hê. Die ringetjies het onderskeidelik 'n groen, geel en rooi knoppie. Wil jy dus op enige van daardie verlangde afstande skiet, word die stelknop bloot aangedraai totdat die verlangde kleurkode-knoppie regoor die zero-merk is.

Om die teleskoop aanvanklik in te stel, moet die koppelstuk waarop die ringe met kleurkodes gemonteer is, eers van die res van die stelknop verwyder word. So word die primêre stelknop blootgelê. Nou word die geweer op 100m ingestel en 'n spesiale sluitring of zero-stop in posisie gedraai (dit verhoed dat jy per ongeluk die stelknop verby die 100m-instelling draai).

Nadat die teleskoop op 100m ingestel is, is daar twee maniere waarop jy die instellings vir die ander afstande kan bepaal. Die eerste metode is om van 'n ballistiese toepassing gebruik te maak. Daarvoor moet jy die koeël wat jy gebruik se trompsnelheid ken asook die BC *(ballistic coefficient)* daarvan. Hierdie inligting kan dan op die



Die Ballistic Turret werk met ringetjies en kleurkodeknoppies om vinnig en betroubaar te stel vir verskillende skietafstande.

ballistiese toepassing gelaai word (daar is verskeie op die mark waarvan Strelok seker die bekendste is). Die toepassing sal dan voorspel hoeveel klikkies jy moet stel om byvoorbeeld 'n 200m, 250m en 300m-zero te bewerkstellig. Elke ringetjie word nou in posisie geplaas na gelang van die vereiste aantal klikkies en dan word die sluitskroef gebruik om die hele stelknop-versameling in posisie te hou. Met die stelknop weer aanmekaargesit, kan jy op die skietbaan gaan toets of die instellings werk en die laaste fynere verstellings maak.

Die tweede metode behels dat jy, nadat die geweer op 100m ingestel is, fisies op elke verkose afstand gaan skiet en stel om die zero's te bepaal. So doen jy sommer dadelik die finale fyn verstellings en word die ringetjies met kleurkodes van meet af aan in die regte posisies geplaas.




Inyathipark, Plot 3, Mountain Drive 7/Inyathi Park, Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus/PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: 012 808 9300 Faks/Fax: 012 808 9344 E-pos/Email: admin@sahunt.co.za
Web: www.sahunters.co.za

# WILDSVLEIS: SMAAKLIK EN HEILSAAM

Met die onlangse slegte publisiteit wat wildsvleis in die media gekry het, is dit baie belangrik om die voordele van wildsvleis uit te lig. Ons hier in die suide van Afrika is geseënd met 'n wye verskeidenheid wildspesies – van jagbare voëls, tot die grootste van die soogdiere. Wild word in Suid-Afrika nog grootliks in die vrye natuur aangetref en is, anders as veediere soos beeste, skape, bokke, varke en pluimvee, basies vry van menslike ingryping.

Navorsers het bevind dat leefstylveranderings, tesame met 'n verandering in dieet, kan lei tot die verbetering van mense se algemene gesondheid.

## VOORDELE VAN WILDSVLEIS

Wildsvleis val in die klas van organiese kossoorte en van die belangrikste voordele van vleis afkomstig van vrylopende wild, is onder andere die volgende:

- Dit bevat tot 50% minder vet as beesvleis en is baie laer in versadigde vetsure.
- Gram vir gram het dit 'n hoër proteïninhoud.
- Bevat geen antibiotika;
- Bevat geen groeihormone/stimulante nie;
- Dis 'n goeie bron van gekonjugeerde linoliensuur (CLA) wat kankerwerend is en oormatige vetsug voorkom.
- Lae risiko vir voedseloordraagbare siektes;
- Gesonde dosis poli-onversadigde omega3-vetsure;
- Bevat meer B-vitamiene en minerale, soos sink en yster.

Wildsvleis is deesdae baie gewild en word al hoe meer op goeie restaurante se spyskaarte gevind, asook op die vleisrakke van sekere kettingwinkels. Die wildsvleis wat kommersieel beskikbaar is, is onderworpe aan inspeksie volgens die Vleisveiligheidswet 2000 (Wet 40 van 2000) en word daarom as veilig geklassifiseer. Wildsvleis wat vir eie gebruik benut word, is nie onderhewig aan dié inspeksievereistes nie en dit is die jagter se verantwoordelikheid om te verseker dat sy wild se karkasse vinnig uitgebloei word, reg afgeslag, verkoel en vervoer word om die beste kwaliteit te verseker. Wildsvleis kan ook baie suksesvol rypgemaak word vir 'n paar dae, 'n proses wat die vleis sappiger en sagter sal maak. Dit is ook geskik om vir so lank as 12 maande veilig in 'n vrieskas bewaar te word.

## NUWE DENKE EN METODES

Tradisioneel het jagters meestal net biltong en droëwors van wildsvleis gemaak en Ouma het die benevleis afgekook tot fynvleis met naeltjies daarin om die "wilde" smaak daarvan te verberg. Gelukkig het daar 'n groot evolusie in ons hedendaagse lewe plaasgevind en het wildsvleis 'n nuwe kleur-

| PROVINSIE/TAK | SENTRALE DORP | VOORSITTER | NOMMER |
|---|---|---|---|
| **GAUTENG-NOORD** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Isak Burger | 082-454-7978 |
| **Baviaanspoort** | (Pretoria-Noord) | Hansie Lerm | 082-652-2396 |
| **Brits** | | Hansie Helberg | 082-826-2038 |
| **Centurion** | (Centurion) | Fanie van Wyngaard | 083-646-3324 |
| **Marico Bosveld** | (Rustenburg) | Ferdie Neumeyer | 082-651-6393 |
| **Pretoria-Oos** | (Pretoria-Oos) | Dieter Labuschagne | 082-654-3280 |
| **GAUTENG-SUIDOOS** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Danie Momberg | 082-901-2067 |
| **Edenvale** | | Richard Ford | 082-415-3840 |
| **Eland** | (Alberton) | Stephan Lindeque | 082-873-9289 |
| **Impala** | (Bredell) | Anita Stegmann | 082-498-6708 |
| **Oos-Rand** | (Kempton Park) | Pieter Claassens | 083-289-8543 |
| **Springbok** | (Brakpan) | Pieter de Beer | 083-627-5749 |
| **GAUTENG-SUIDWES** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Cassie Carstens | 083-453-3312 |
| **Tembo** | (Jhb-Noord) | Rodney Butle | 082-827-8650 |
| **Transvaal** | (Randfontein) | Ria Zeelie | 083-390-8465 |
| **Wes-Rand** | | André Botha | 083-463-3620 |
| **KWAZULU-NATAL** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Barry Loock | 083-289-7811 |
| **Iphithi** | (Durban) | Danie J van Rensburg | 083-376-1936 |
| **Mpungini** | (Dundee) | Schalk Meintjes | 082-923-8212 |
| **Oribi** | (Margate) | MD Bester | 082-856-4970 |
| **Umfolozi** | (Richardsbaai) | Pieter Britz | 083-413-7881 |
| **LIMPOPO** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Izak Haasbroek | 082-878-7351 |
| **Hardekool** | (Musina) | Izak Haasbroek | 082-878-7351 |
| **Mopani** | (Phalaborwa) | Otto van der Star | 082-568-1474 |
| **Soetdoring** | (Mokopane) | Danie Grobler | 073-689-6249 |
| **Thabazimbi** | | Gert Oosthuizen | 082-853-2054 |
| **Waterberg** | (Ellisras) | Herman de Lange | 082-772-5008 |
| **MPUMALANGA-NOORD** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Gert Opperman | 082-870-4989 |
| **Bosbok** | (Steelpoort) | Leon Visser | 082-808-9641 |
| **Loskop** | (Marble Hall) | André Ruhling | 082-373-4390 |
| **Ngwenya** | (Nelspruit) | Jan Sutherland | 082-906-7959 |
| **Olifants** | (Middelburg) | Johnny Pretorius | 083-654-9993 |
| **Platorand** | (Belfast) | Kobus Davel | 083-625-6806 |
| **Rietbok** | (Breyten) | Charles Robberts | 082-441-7723 |
| **Sebra** | (Witbank) | Gert van der Merwe | 082-802-9616 |
| **MPUMALANGA-SUID** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Pierre Meyer | 083-306-5686 |
| **Bethal** | | Willie Oosthuizen | 082-493-6689 |
| **Duiker** | (Balfour) | Gerhard Harmse | 084-206-4452 |
| **Edelvalk** | (Standerton) | JC Schoeman | 060-622-2333 |
| **Heidelberg** | | Zet Robberts | 082-320-6631 |
| **Houtkapper** | (Secunda) | Hendrik Byleveld | 082-045-6437 |
| **Majuba** | (Volksrust) | Wessel Oosthuizen | 082-454-7435 |
| **Suikerbosrand** | (Meyerton) | Pierre Meyer | 083-306-5686 |
| **Wilgerivier** | (Frankfort) | Danie Pieterse | 082-974-9382 |
| **NOORD-KAAP** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Bertie Theron | 082-825-0439 |
| **Doornberg** | (Prieska) | Bertie Theron | 082-825-0439 |
| **Gamagara** | (Kathu) | Johan Roets | 078-122-7987 |
| **Griekwaland-Wes** | (Kimberley) | Jors Humpel | 082-787-9240 |
| **Karoo** | (Victoria-Wes) | Johan Jooste | 071-333-3773 |
| **Kgalagadi** | (Upington) | Bertus Burger | 072-786-8649 |
| **Steenbok** | (Lime Acres) | Schalk Victor | 082-885-8277 |
| **NOORDWES** | | | |
| **KALAHARI BOSVELD:** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Jors Swanepoel | 083-643-2591 |
| **Genl de la Rey** | (Lichtenburg) | Jors Swanepoel | 083-643-2591 |
| **Kameeldoring** | (Mafikeng) | Rudolp van der Walt | 083-300-2937 |
| **Koedoe** | (Zeerust) | Nico J van Rensburg | 082-388-0908 |
| **Makwepa** | (Setlagole) | Ampie Strauss | 082-578-7614 |
| **STELLALAND:** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Flip Fouche | 082-570-6322 |
| **Diamant** | (Wolmaransstad) | Johannes Lubbe | 083-769-9972 |
| **Hartsrivier** | (Delareyville) | Japie Schutte | 083-462-7284 |
| **Schweizer** | (Schweizer-Reneke) | Flip Fouche | 082-570-6322 |
| **Sterland** | (Vryburg) | Willem du Toit | 082-348-7531 |
| **Vaalharts** | (Jan Kempdorp) | Cliff Oosthuizen | 074-891-2503 |
| **VAALRIVIER:** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | André Olivier | 082-568-1508 |
| **Frontier** | (Stilfontein) | André Wepener | 083-462-2294 |
| **Hartbees** | (Potchefstroom) | Johan van der Walt | 082-571-6414 |
| **Vaaldriehoek** | (Vereeniging) | Jan de Man | 082-784-2350 |
| **Witrenoster** | (Klerksdorp) | Duane Heymans | 071-895-0520 |
| **OOS-KAAP** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Mornay Eyre | 081-562-3258 |
| **Gamtoos** | (Patensie) | Gustav Bell | 082-462-0755 |
| **Grysbok** | (Jeffreysbaai) | André Botha | 084-567-8989 |
| **Kamdeboo** | (Graaff-Reinet) | Johan Dorfling | 082-847-6615 |
| **Koukamma** | (Kareedouw) | Nico Herselman | 082-441-2467 |
| **Kwagga** | (Port Elizabeth) | Ockert Barnard | 082-906-9253 |
| **Tuinroete** | (George) | Gerhan Archer | 082-567-6941 |
| **DRAKENSBERG:** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Org Hamman | 082-867-6566 |
| **Lammergeier** | (Aliwal-Noord) | Pierre Bosch | 071-497-1598 |
| **Renosterberg** | (Middelburg – Kaap) | Werner Potgieter | 082-575-4762 |
| **Stormberg** | (Queenstown) | Andre Botha | 083-491-1999 |
| **VRYSTAAT** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Stompie Thuynsma | 082-564-3792 |
| **Bloemfontein** | | Pieter du Preez | 079-528-9217 |
| **Bloukrans** | (Vanderkloof) | Rikus Stander | 082-775-5480 |
| **Bothaville** | | Christo Roux | 082-926-4366 |
| **Cheetah** | (Hertzogville) | Johan van Rensburg | 082-374-7898 |
| **Olienhout** | (Parys) | Jan Lubbe | 082-421-1122 |
| **Riemland** | (Bethlehem) | Kobus Maree | 082-924-5565 |
| **Sandrivier-58** | (Welkom) | Michelle van Heerden | 072-868-9186 |
| **Valschrivier** | (Kroonstad) | Jaap Erasmus | 084-448-1578 |
| **Vrystaat Sandveld** | (Soutpan) | Ben van der Merwe | 084-613-2316 |
| **WES-KAAP** | | | |
| **STREEKKOÖRDINEERDER:** | | Justus Harms | 082-497-4230 |
| **Bergrivier** | (Piketberg) | André Kennedy | 083-289-6524 |
| **Maskam** | (Vanrhynsdorp) | Willem van Niekerk | 083-633-2992 |
| **Namakwa** | (Springbok) | Carel Oberholzer | 082-805-0181 |
| **Overberg** | (Caledon) | Danie de Waal | 083-626-5538 |
| **Swartland** | (Malmesbury) | Wynand Lotter | 082-929-8658 |
| **Tafelberg** | (Bellville) | Wessel Symington | 082-351-9991 |
| **Weskus** | (Vredenburg) | Jacques Smit | 082-517-9377 |



volle baadjie aangetrek. Die wye verskeidenheid van maniere waarop wildsvleis vandag voorberei en aangebied word, sink egter eers in as jy in een van die groot speserywinkels instap en oorweldig word deur rakke en rakke vol van verskillende speserye en bestanddele. Daar is 'n versameling van spesiale speserymengsels vir elke moontlike vleissnit, te kies en te keur.

In die kombuis het daar ook 'n evolusie plaasgevind en die dae van Ouma wat heeldag voor die stoof staan, is al amper vergete. Al hoe meer mans het die kombuis begin betree omdat vroulief ook 'n voltydse beroepsvrou is. Die bekombaarheid en bekostigbaarheid van toerusting om vleis te verwerk het ook tot gevolg gehad dat al hoe meer jagters, baie trots, hul eie wildsvleis verwerk tot 'n verskeidenheid van smullekker produkte.

Onlangs het die kollig ook baie skerp op die wetgewing rondom die wildsvleisregulasies geval. Natuurlik is daar baie gerugte met waninligting versprei en ek werp graag lig daarop. Die eerste onderwerp wat behoorlik die tonge los gekry het, was die uitbreiding van die lys van diere waarop die wildsvleisregulasies van toepassing is. Die lys bevat onder andere diere soos olifante, renosters en 'n lang lys van eksotiese spesies wat normaalweg nie in Suid-Afrika voorkom nie. Die doel hiervan is bloot om alle moontlike vleisbronne in te sluit by die Vleisveiligheidswet – dit verseker dat alle vleis wat kommersieel te koop aangebied word, onderhewig is aan die Vleisveiligheidswet en dat dit eers deur 'n vleisinspekteur goedgekeur moet word voordat dit aan die publiek verkoop mag word. Só word die verbruiker beskerm, en ook die integriteit van wildsvleis.

## OLIFANTJAG: VOLHOUBARE BENUTTING

Sommige spesies op die lys, soos renoster en olifant, mag dalk die wenkbroue laat lig, maar wees verseker dat dié diere, anders as wat deur gerugte versprei word, nie nou net benut gaan word vir hul vleis nie. In perspektief gestel, kom ons gebruik 'n olifant as voorbeeld: Die olifantpopulasie in Suidelike Afrika oorskry tans die aanbevole drakrag van die natuurlike veld – dit lei tot die verwoesting van habitat en benadeel verskeie ander spesies (soos blaarvreters) wat afhanklik is van groot bome vir hul voortbestaan. Die gesonde olifantpopulasie het tot gevolg dat daar al meer jaggeleenthede beskikbaar raak weens, onder andere, olifant/mens-konflik.

Die jag van 'n olifant heg monitêre waarde aan die dier, en die geld kan aangewend word vir, onder andere, habitatbeskerming en bewaring. Die hoofprodukte van die jag van olifante, is die ivoor, die vel en vleis van omtrent drie ton. Vir die ivoor en vel is daar vasgestelde regulasies en permitte in plek. Die vleis word as addisionele produk benut.

Indien die olifant dus nie ingesluit is onder die Vleisveiligheidswet nie, sal die vleis byvoorbeeld nie kommersieel bemark kan word nie. Die insluiting van die olifant op die lys het verder baie duidelike voorskrifte waaraan voldoen moet word, soos die slagprosesvereistes, om te verseker dat die vleis veilig bemark kan word. Dit is 'n goeie voorbeeld van bewaring deur volhoubare benutting.

Hou ook in gedagte dat nie alle olifante op gemeenskapsgronde gejag word nie. Die gebruik is gewoonlik dat die plaaslike gemeenskap op wie se grond die olifant gejag word, geregtig is om die vleis te kry, maar hoe gemaak as die jag op privaatgrond plaasvind en die vleis dan nie wettig benut kan word nie? Dit is dus van kardinale belang om soveel moontlik spesies te lys onder die Vleisveiligheidswet.

SA Jagters het dan ook reeds kommentaar in dié verband na die spesifieke minister se kantoor aangestuur en lede kan die skrywe op ons webwerf gaan lees.

## REGULASIES VERANDER

Daar is ongelukkig gerugte wat die rondte doen dat daar 'n groep persone is wat die wildsvleisregulasies vir eie finansiële gewin dryf. Dit het onder verskeie organisasies se aandag gekom dat daar regulasies vir wildsvleis saamgestel is, en dat dit gereed was vir goedkeuring deur die betrokke minister. Daar was egter 'n hele klompie brandpunte waarmee die meeste organisasies nie tevrede was nie. Omdat daar nie 'n verteenwoordigende forum was wat die totale wildsvleisindustrie verteenwoordig nie, is die meeste rolspelers toe uitgenooi na 'n vergadering (op 20 September 2019) om die kwelpunte aan te spreek. Die gevolg van die vergadering was die totstandkoming van die Game Meat Industry Forum (GMIF). Die GMIF sluit verskeie rolspelers in, onder andere slagpale, plaaslike gemeenskappe, oesspanne, plaaslike jagters, jagondernemers, beroepsjagters, wildsboere asook spesialis-adviseurs en vleisverspreidingsmaatskappye. SA Jagters is uit die aard van die saak ook deel van die GMIF.

Die GMIF het daarin geslaag om die konsepregulasies eers op ys te laat plaas sodat sekere voorstelle oor probleemareas ingedien kon word. Een van die groot kwelpunte wat in die konsepwetgewing vervat was, is die beperking van die hoeveelheid wild wat 'n jagter vir eie gebruik mag jag deur die insluiting van 'n kwotastelsel. SA Jagters het die voorstel ten sterkste afgekeur. Al die forumlede het saamgestem dat daar nie so 'n beperking op jagters geplaas moet word nie en dit is dan ook so vervat in die voorstelle wat ingedien is.

Van die ander kwelpunte was die gebrek aan definisies oor eie gebruik, die prosedure oor die inspeksie van vleis en nog 'n klompie tegniese punte. Die GMIF het dan hieroor ook voorstelle ingedien.

## KONSEPREGULASIES VIR WILDSVLEIS

In kort gaan ek net die konsepregulasies baie vereenvoudig. Wildskarkasse word in twee kategorieë ingedeel: Dié wat deur die jagter bekom word vir eie gebruik en dié wat vir die kommersiële mark bestem is. Karkasse vir eie gebruik is nie onderhewig aan vleisinspeksie nie, maar mag nie verkoop word nie. Alle karkasse bestem vir kommersiële gebruik is onderhewig aan vleisinspeksie, net soos die geval met byvoorbeeld skape en beeste, maar met sekere aanpassings as gevolg van die feit dat die wild in die veld geoes word en nie by 'n slagpale gedood word nie.

Die bekendstellingsdokument van die GMIF is dan ook op SA Jagters se webwerf beskikbaar.

U kan verseker wees dat ons die belange van ons lede eerste stel en nie sal aanvaar dat onnodige regulasies die voortbestaan van die jagbedryf benadeel nie.

# BOKSPOG

Stuur jou jagfoto's na: jagbydraes@media24.com.



Die wenner van dié maand se Bokspog wen 'n *Shadows Duffle Bag* en 'n *Shadows Colour Block Shirt* van Sniper Africa ter waarde van R995. Vir meer besonderhede en om jou prys te reël kontak **Sniper by 0861-764-737**.

WENFOTO



**ROBERT VAN WYK. WAKKERSTROOM, MPUMALANGA**. Springbokram, Brno, .308 Win, 165gr Norma, 220m.



**BERNARD FRASER, ROEDTAN, LIMPOPO**. Blouwildebees, Musgrave, .30-06, 180gr, 187m.



**STEVEN MCGREGOR, CATHCART, OOS-KAAP.** Blouwildebees, Howa, .300 Win Mag, 180gr Winchester, 235m.



**MANIE DE KLERK (JAGTER)** LINKS, **ABIE DE KLERK (SEUN)** REGS, **VENTERSDORP, NOORDWES.** Elandkoei, Musgrave, 7x57, 150gr, 169m.



**CHANTÉ FERREIRA, MUSINA, LIMPOPO.** Rooihartbees, .308, 80m.



**MARIANA COETZER, BOSPAN, RANDFONTEIN.** Vlakvarkbeer, Howa, 6.5 Creedmoor, 140gr S&B SP, 103m.



**DAVE GRIESEL, MOLOTO, GAUTENG.** Blouwildebeeskoei, .303, 180gr.



**PAUL BOTHA, ELLISRAS, LIMPOPO.** Tsessebe, Howa, .308 Win, 165gr Swift A-Frame, 130m.



**KEGAN VAN NIEKERK, THABAZIMBI, LIMPOPO.** Waterbok, .30-06, 165gr Norma, 85m.



**THYS BOSHOFF, KIMBERLEY, NOORD-KAAP.** Blouwildebeesbul, .270 Win, 130gr Sierra GameKing, 110m.



**LERO FRASER, ELLISRAS LIMPOPO.** Blouwildebees, Mauser M66, .308 Win, 180gr Rhino, 130m.

# JAG IN DIE NAMIB

'n Unieke jag in 'n unieke wêreld...



Die Namib word geassosieer met lang skote en magnum-kalibers maar ek en my vriend het sommer ons .30-06'e gebruik en baie goed reggekom.

As jy vanaf Maltahöhe suid ry, sluit die pad later by die Sesriempad aan. Net so 'n entjie verder is die naambordjie vir die plaas, Aandster. As student het ek die eienaar, oom Thys Louw senior, ontmoet toe hy met sy Cadillac en karakoelvelonderbaadjie vir sy seun, Tielman (my woonstelmaat), by die Helderberg-manskoshuis op Stellenbosch kom kuier het.

Tielman sou later die prokureur-generaal in Windhoek word maar is vroeg oorlede. Sy broer, Dawid boer in die Vredendal-omgewing en die ander broer, Thys het Aandster gekry.

Toe die karakoelpelsmark in duie stort, begin Thys te boer met wild, bees en vleisskape. My liefde vir die natuur, jag en gewere lei my toe een jaar na Suidwes toe, nog voor die naamsverandering. Dit was hier waar ek vir Thys Louw junior leer ken het. Die plaas grens aan die Sperrgebiet en is ware Namib, rooi sandduine, geel, lang- en kortsteelboesmangras met stapelklipkoppe, sommige wat aan die Matterhorn in Europa herinner.

## RUSTIG EN REG VOORBEREID

Met die intrapslag laat Thys jou verstaan "hier skeur ons nie spiere nie", sy manier om te sê "*festina lente*" (haas jou langsaam). Na die groet, afpak en koffie was dit reeds donker en Venus, die aandster, het hoog in die weste gesit, blink soos God se oog. Dit het my gedagtes na bowe gelei. Die nagte is koud, met die hemelruim donkerblou en sterbespikkeld. Soos die nag verloop, word die aandster die môrester en vroegoggend is net die beker koffie in jou hand warm. Die vooruitsig van jag veroorsaak darem ook 'n warm kolletjie in jou binneste.

Hier skiet jy op lang afstande, niks nader as 270m nie, so die gewere word reg ingestel en 'n paar skote word geneem vir selfvertroue. Thys is 'n goeie geweerman wat sy eie patrone laai en weet dat 'n skietbaan met teikens op 100, 150, 200, 250 en 300m noodsaaklik is om bosveldjagters wat gewoond daaraan is om op 100m te skiet, so 'n bietjie touwys te maak. 'n Standaard-grootte wit koevert op 300m is die finale mikpunt.



Springbokjag in die Namibduine is 'n baie spesiale ervaring. Foto: Gregory Brown, *Unsplash.com*



In die Namib ry jy wyd en skiet jy "wyd" – soos die manne na lang skote verwys. Dié oop wêreld toets jou skietvernuf. Foto: Alan J Hendry, *Unsplash.com*

My vriend, oorlede Martin van Rensburg met sy Ferlach .30-06 en ek met my Ben Musgrave .30-06 kon dit regkry om die koevert te tref. Met ons selfvertroue hoog en die son warm op ons rûe, was dit tyd vir ons tweede les.

Die strate tussen die duine is ongeveer 300 meter van duin tot duin. As 'n springbok se wit-en-bruin skeidslyn agter sy voorbeen se elmboog nie gesien kan word nie, dan is hy 300 meter ver.

'n Gemsbok se nekwerwels begin agter sy oor en swenk dan laag na sy voorbene toe en weer op na sy rugstring. Jy moet dus versigtig wees met nekskote – baie mense skiet te hoog. Dan is jou nekskoot gewoonlik 'n vleiswond of mis, albei so goed soos mis, want hierdie prins van die woestyn sal bly hardloop en jy sal hom nie vang nie. Sy hart sit laag, skiet hom net agter die voorbeen deur die blad. Tref jou skoot 'n bietjie hoër, dan is dit nog reg want dan tref jy steeds die longe. Loop jou skoot nóg 'n bietjie hoër, is dit meestal nog reg want dan breek jy die rugstring. Al drie dié skote sal die bok grond toe bring.

Die debat oor bakkiejag of te voet word ook sommer summier besleg. Op Aandster skryf die woestyn vir jou die metode voor. Stap van duin tot duin agter 'n trop van 300 gemsbokke aan, en al wat jy sal sien as jy bo-op die duin kom, is die agterkant van die laaste gemsbok wat oor die volgende duin verdwyn. As jy in 'n week se tyd genoeg bokke wil skiet om dit vir 'n wildboer lonend te maak en vier jagters se yskaste vir 'n seisoen vol te hou, dan moet 'n ander plan gemaak word. Daarby moet jy onthou dat die reëls van etiek en bewaring steeds geld. Dragtige koeie en teelbulle word nie geskiet nie, want môre is nog 'n dag en volgende jaar wil ons weer jag en die boer moet ook leef.

## TOEGERUS VIR SUKSES

'n Betroubare viertrekvoertuig, behoorlik toegerus met 'n bank vir twee jagters met 'n armleuning om dooierus op te vat, stewig vasgemaak sodat niks agterop lawaai nie, is nodig. Slegs die man wat skiet, hanteer sy geweer. Die ander gewere is in hulle sakke met slotte uit, bevestig deur jou mede-jagter. Geen alkoholiese drank gaan saam nie. Die agterruit van die bakkie bly oop om kommunikasie met die bestuurder moontlik te maak. 'n Verkyker voor in die bakkie sowel as een in die hande van die tweede jagter agterop is nodig sodat die teikenbok deur beide jagter en eienaar geïdentifiseer kan word. Die pas is stadig en stil, met die son agter op jou rug sodat die bakkie se skaduwee nie lyk soos 'n tweede voertuig nie. Onthou "ons skeur nie spiere nie". Vir elke drie springbokke mag jy een gemsbok skiet, so bly die getalle reg en ook die weiding.

As jy 'n groot trop gemsbokke op 'n duin sien staan, raak dit moeilik om die regte een te teiken, nie alleen omdat dit 'n formidabele gesig van skoonheid is nie, maar omdat jy net 'n paar sekondes het voordat hulle die omkykslag beëindig en weer oor die duin verdwyn. Seshonderd oë en ore weerskante van die wit-en-swart gesigmaskers is meer intimiderend as die Nieu-Seelanders se haka. Thys Louw ken sy bokke en kan dink soos 'n gemsbok. Met 'n rustige stem sal hy die een uitwys en nog raad gee oor hoe hoog en waar om te mik, wind ook in ag geneem.

Vir my het my .30-06, gelaai met Nosler Partitions van 180gr goed gewerk. Die trompsnelheid was 2 500vps en ek het beide gemsbokke en springbokke geskiet sonder enige kwesdiere. Ander kalibers wat goed werk, is die 7x64, .300 Holland & Holland, .300 Win Mag en selfs die 7x57 Mauser. Daarom sal 'n 6.5 Creedmoor ook goed werk, glo ek.

Of ons die proses hierbo beskryf, jag kan noem is debatteerbaar. 'n Element van jag is om die jagter se vermoë teenoor dié van sy prooi te stel in 'n gebied wat van meet af aan behoort aan die dier met sy skerper sintuie. Vir my is die hoogste graad van jag as jy te voet die veld invaar. Maar in die woestyn waar daar geen natuurlike dekking is nie, staan 'n mens wat te voet jag, uit soos 'n seer duim. As jy nog in 'n beperkte tyd 'n sekere hoeveelheid wild moet skiet om aan die ekonomie van skaal te voldoen, dan word daar 'n ander aanslag op die jagters se vernuf gedoen en dan kan die modus operandi soos hierbo beskryf, geregverdig word. Net soos voorsitjag in die Karoo.

## RUSTIGHEID VAN DIE DUINE

Die lekkerste is natuurlik wanneer jy te voet daardie alleenloperbul in hierdie wye wêreld te voet uitoorlê. Dan moet jy egter tyd hê en nie baie bokke wil skiet nie. Die woestyn is ook 'n plek waarin jy nie lank alleen kan wees sonder dat God jou vind en julle 'n verrykende stille tweegesprek het nie.

Deesdae is Aandster 'n wildreservaat, maar natuurliefhebbers kan gerus daar 'n draai gaan gooi. Dis sielsverrykend.

Uit wat ek hierbo geskryf het, leer ons dat bakkiejag sy plek het en dat dit nie in 'n malle gejaag hoef te ontaard wat diere se angstigheid opjaag en die vleis oneetbaar sleg maak nie.

Die jagter moet homself natuurlik eers oriënteer en vertoue kry in sy geweer wat, na 'n lang rit uit Suid-Afrika waar die lugdruk en temperatuur dalk anders is as op Aandster, nie altyd sal skiet waar jy mik nie. Stel dus maar weer jou geweer in en kry die rit en opgewondenheid uit jou lyf uit, dán word jou jag 'n belewenis.



# 'N POELIESMAN, 'N DIKWIEL-BAAISIEKEL EN SEWE WILLEHONNE

Só skrik jy jou los van 'n ysterkameel se rug af.

In Januarie 1975 het ek by die SA Polisie aangesluit as 'n studentekonstabel.

Ek moes die vyfde Julie van daardie jaar by die Kollege aanmeld vir opleiding. Die ses maande waartydens ek 'n student was, het ek indiensopleiding ontvang en wel by Pretoria Sentraal-Polisiestasie.

Ek was egter meer op die skietbaan en in geweerwinkels as by die werk. My broer, wyle Daan Hamman, het op die plaas Selati Ranch, naby Gravelotte geboer. In sy verre verlede was hy ook 'n polisieman vir 'n klompie jare. Dus was hy goed onderlê in die wel en weë van 'n platpoot. Op sy voorstel het ek, net voor ek by die Kollege moes aanmeld, 'n paar dae op die plaas gaan kuier.

Die kuier op Selati Ranch was hemels. Daar was baie wild op die plaas, dit was winter en ek was daar. Met Daan se Sako .308 Win en 180gr Sako Hammerhead-patrone, het ek vir genoeg biltong en droëwors gesorg. Die elke dag se gestappery het my sommer so effe fikser vir die Kollege gemaak. Wen-wen, kan jy maar sê.

Op 'n dag is ek en hy met sy Chev C10-bakkie Phalaborwa toe vir besigheid. By die plaaslike fietswinkel het hy 'n Phillips-fiets gekoop (so 'n dikwielene), waarmee sy werkers die

drade sou omry. Daar het gereeld buffels, olifante, leeus en ander gediertes van Kruger se kant af kom moeilikheid maak op die plaas. Dus was dit belangrik om die grensheining daagliks te patrolleer, om te sien of daar nie gate in is waar daar uitkomplek vir sy Afrikanerbeeste was nie, en om ook betyds teen die rondlopergediertes te kan optree.

Met ons aankomslag by die hoofingang het Daan voorgestel dat ek met dié blinknuwe dikwiel huis toe ry. Sommer vir 'n bietjie oefening, het hy gereken. Hy sou regs draai en teen die heining langs ry om sout te gaan aflaai by die boonste krale en ek sou reguit koers kry huis toe.

om die sloot dan reg voor jou te sien lê.

Met die afgaanslag die sloot in, het my oë amper uitgeval. In die skaduwee van 'n oom van 'n hardekool het sewe wildehonde uitgestrek gelê en slaap, presies daar waar ek deur die sloot moes ry. Daar was nie links of regs verbykomplek nie. Briektrap teen daai spoed, in dié sand, was nie 'n opsie nie. Ek het begin skree, soos my oorle' ouma geskree het die dag toe die hanslam in die puttoilet geneuk het.

Dit het die willehonne verVaard laat opvlieg en hulle het mekaar in die proses byna vertrap. In die pandemonium wat vir 'n klompie sekondes geheers

Ek het egter so gestaan en bewe dat die fiets in die sand beland het. Van skrik was ek nie gebore in staat om verder te ry nie.

Alhoewel ek geen trek vir 'n fiets het nie, het dit nie na 'n te slegte plan geklink nie. So is ek met die tweewiel-ysterkameel daar weg.

Die wêreld rondom Gravelotte is bekend vir sy diep, droë sandslote. Selati het sy regmatige deel daarvan gekry. Die eerste twee slote was nie juis iets om oor te praat nie. Ek en die dikwiel is gemaklik deur die sand, die oorkantste wal uit. Die derde sloot was egter 'n meneer van 'n sloot. Ek het die fietsie getrap dat sy speke sing, want ek wou beslis nie teen die oorkantste wal in die sand loop staan nie. Net voor die sloot het die pad so effe na regs geswenk en jy moes eers daai swenk vat

het, was hulle meer verskrik as ek. Sowat van hondegille het ek laas gehoor die dag in graad een, toe ek 'n rietrot in die klas losgelaat het. Verseker was daar 'n paar urienstrepe ook.

Of ekselwers so effe gelek het, wis ek nie, maar ek het my uit my DNA geskrik. Die honne is in daai sandsloot af, vinniger as die spoed waarmee 'n oorlaaide taxi in spitsverkeer van bane verwissel. Hoe die stuk fiets tot stilstand gekom het, weet ek regtig nie. Ek het egter so gestaan en bewe dat die fiets in die sand beland het. Van skrik was ek nie gebore in staat om verder te ry nie. Toe los ek die ysterkameel net daar teen die hardekool waar ek hom staangemaak het, en stap huis toe.

Broer Daan het my tot die dag van sy dood gereeld aan dié baaisiekel-eskapade herinner en dan van voor af gelag dat die trane loop.

So 'n verdomde tweewielmartelpyp! Ek haat hulle steeds.



# VIR DIE JONGSPAN

## ANTWOORDE







la.va®
Kwaliteit ingevoerde vakuumverpakkingsmasjiene
en vleisverwerkingstoerusting
Twee jaar waarborg.
SA JAGTERSLEDE MET BEWYS VAN LIDMAATSKAP KRY
• 5%-AFSLAG OP MASJIENE
• 10%-AFSLAG OP SAKKIES
Besoek ons aanlynwinkel by www.lava-sa.co.za
E-pos: info@lava-sa.co.za | anneke@lava-sa.co.za
Sel: 072 160 5556


Adverteer
Advertise
in
JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
HUNTER
Jacques Boshoff Tel: 012-485-9357
Sel: 079-528-8793 | jacques.boshoff@media24.com
Rina Hattingh Tel: 012-485-9361
Sel: 072-605-4897 | rina.hattingh@landbou.com
Ronnie Robbertze Tel: 012-485-9397
Sel: 072-223-0533 | ronnie.robbertze@media24.com


BLITZ
BLADE SHARPENER
Any blade super sharp
in a Blitz!
0823761835
mooiblitz@gmail.com
www.blitzblade.co.za
Includes 2 belts


ARMTEC SYNTHETIC STOCKS
P. O. Box 20481, Noordbrug, 2522 (Potchefstroom)
Chris 082 853 7134, Office (Daleen) 083 531 5860
Fax 0866 284 893 • www.armtec.co.za
Manufactured from multi-layered fibreglass cloth, laminated under pressure and filled with hi-tech composite materials. Finished in non-slip, chip-resistant epoxy coating. Available for Lee-Enfield, P14 and Brno.
Custom-built stocks for all other makes.


RANYATI
FIREARM MOTIVATIONS (PTY) LTD
Office
www.firearmmotivations.co.za
Tel: 087 151 0987 I Fax: 086 529 2791
Email: info@firearmmotivations.co.za
Motivations - Occasional hunting & sport shooting, Dedicated hunting & sport shooting, & Self-defence I Renewals I Appeals I Deceased Estate - Firearms
Firearm Storage


EURO-VATO
SUPPRESSORS AND
MUZZLE BRAKES
100% Titanium
ULTRA-LIGHT
ACCURATE
DURABLE
EFFECTIVE
Euan 082 556 5474 // www.euro-vato.co.za // info@euro-vato.co.za

**OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:** Rina Hattingh
Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | E-pos: rina.hattingh@landbou.com

## JAGGELEENTHEDE HUNTING OPPORTUNITIES

### LASARUS GAME FARM, ALBERTINIA/RIVERSDALE

Best hunting farm in the Western Cape. No hidden costs.
Rifle/bow/biltong/trophy hunt.
Full/self-catering.
45 species.
Owner is a professional hunter and outfitter.
082-443-1147/082-448-3975
*www.lasarusgamefarm.co.za*
*info@lasarusgamefarm.co.za*

### NAAUWPOORT SAFARIS, ELLISRAS

Jaggeleentheid.
Volop wild.
Netjies, ten volle toegeruste jagkamp.
Akkommodeer 18 persone.
Korporatiewe groepe welkom.
Vleisverwerking beskikbaar.
Riana: 082-788-1883
E-pos: *rdb@dmv.co.za*

### THABAZIMBI – GEWEER- EN BOOGJAG

Luukse-selfsorgjagakkommodasie of boskamp.
Ses spesies wild.
Slag- en koelgeriewe.
Skakel Hannes:
079-420-0189/082-421-3182
E-pos:
*combretumlodge@gmail.com*

### JAGGELEENTHEDE – AUCH MACOY

Agt kilometer buite Bloemfontein. Agt jagspesies.
Selfsorgeenhede.
Slag- en koelkamergeriewe.
Skakel Davin: 079-870-0499 of Maryke: 051-407-6938
*marykeb@satb.co.za*

### THABAZIMBI BUSHVELD HUNTING

Quality hunting with lots of game. Rifle and bow hunting.
Self/full-catering.
Family/Corporate groups welcome.
Phone/SMS/WA:
083-627-0350
Email: *office@limcroma.com*

### KALAHARI-JAG MCCARTHY'S REST

200km noord van Kuruman, 7km voor Botswana-grens.
Vir pryslys en meer inligting, kontak Fernando:
082-224-5000
*mabuabookings@gmail.com*

### KALAHARI HUNTING – NORTH WEST

(Between Vryburg and Tosca)
Twenty species.
Self-catering, accommodating 18 (max four hunters in the field).
Trophy and biltong hunting all year round. Cold rooms, swimming pool, DStv.
*www.sandveldhunting.co.za*
*Slimkoos@sandveldhunting.co.za.*
Koos: 082-900-3051

### KALAHARI JAGGELEENTHEID, KAMEELDORING SAFARIS

Blesbok, blouwildebees, eland, gemsbok, rooibok, koedoe, rooihartbees, springbok, sebra.
Tel: 056-514-9304 Yolande
*www.kameeldoringsafaris.co.za*

## DIENSTE | SERVICES

**FF GUNSMITHING**
CFR NO 514
Shop B1, 25 Lynette Street, Nasdorp Centre, Kilner Park, Pretoria



**ONE STOP GUNSMITH SHOP:**

- AFFORDABLE PRICES
- Rebluing
- Refurbishing
- Fitting of telescopes
- Custom rifle building
- Service, repair and cleaning
- Fitting and building of silencer
- Rifle stock repairs and refurbishing



TOKKIE: 083-310-4512
JOHAN: 084-406-6777

## JAGTERSMARKVORM | HUNTERS MARKET FORM

Die advertensie sal verskyn onder JAGTERSMARK/HUNTERS MARKET.

JAGTER HUNTER | MEDIA24

| ADVERTENSIE: KIES EEN (X) | |
|---|---|
| A = R355 - 20 woorde (opskrif uitgesluit) - *Net bewoording* | |
| B = R1 080 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 105mm Hoog | |
| C = R635 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 50mm Hoog | |
| Die sluitingsdatum vir die advertensies is 30 dae voor die volgende maand se uitgawe. | |
| Geen advertensie sal geplaas word sonder 'n volledig voltooide aansoekvorm en betaling nie. | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| NAAM VAN ADVERTEERDER | | | |
| ID-NO. INDIEN PRIVAAT KLIËNT | | | |
| REG-NO . INDIEN BESIGHEID | | | |
| POSADRES | | | |
| | | | |
| TEL | | FAKS | |
| SEL | | E-POS | |

**Pryse is BTW ingesluit. Rates are VAT included.**

| ADVERTENSIE VIR: | | |
|---|---|---|
| | | (maand) |
| tot | | (maand) |
| Bedrag inbetaal | R | |

**BANKBESONDERHEDE:** Media24 Die Burger | ABSA | Rekening: 0550000059
Takkode nodig vir elektroniese inbetalings: 632005
*Gebruik u Media24-rekeningnommer as verwysing, indien u een het. Andersins, naam en van of in die geval van 'n besigheid, die besigheid se naam.*

**E-POS BEWYS VAN BETALING NA:** rina.hattingh@landbou.com

| KATEGORIE/CATEGORY: KIES EEN/CHOOSE ONE (X) | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JAGGELEENTHEDE/ HUNTING OPPORTUNITIES | | TE KOOP/ FOR SALE | | GESOEK/ WANTED | | DIENSTE/ SERVICES | | ANDER/ OTHER | |

| BEWOORDING VIR ADVERTENSIE : | |
|---|---|
| | |
| | |

**OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:** Rina Hattingh
Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | E-pos: rina.hattingh@landbou.com

## DIENSTE I SERVICES

**QUINTIN JORDAAN ATTORNEYS**
Firearm licence and firearm appeal applications (100% success rate). Also sequestration and liquidation applications.
Phone: 082-805-0674 (Pretoria)

## TE KOOP I FOR SALE

SRS AND OPTICS

**WELCOME TO SRS AND OPTICS**
Manufacturer of
Premium Rifle Stocks



SKAAPBOER KOLWE

LIKE US ON facebook

BOYDS HARDWOOD GUNSTOCKS



**PROFESSIONAL OPTICS**




SRS and Optics stocks
a wide range of
Professional Optic Solutions

Johann: 082-410-6827
Email:
*wjf0824106827@gmail.com*

*www.srsandoptics.co.za*





20200527 ISS HORNADY DGX [SA] 275x210
When it really matters. There's only one Dependable Choice.
Hornady
DGX®
BONDED
The DGX® (Dangerous Game™ eXpanding) Bonded bullet features a copper-clad steel jacket bonded to a lead core.
Hornady
Accurate. Deadly. Dependable.
BULLETS
DGX®
BONDED
Dangerous Game eXpanding bullet designed and built for the toughest game in the world
Copper clad steel jacket is bonded to lead core for ultimate reliability
Deep penetration with highly controlled expansion
Exposed lead and flat profile with serrations aid in expansion while creating a large wound channel
DANGEROUS GAME SERIES™
Product Features
THICKER JACKET The thicker 2,5mm copper-clad steel jacket sets it apart from other dangerous game bullets, allowing it to tear through tough material.
CONTROLLED EXPANSION A flat nose with serrated sections delivers a uniform expansion and straight penetration, reducing possible deflections.
BONDED JACKET & CORE The bonding process locks the jacket and lead core together, improving the retained weight of the expanded bullet.
Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.
Distributed by
ISS INYATHI SPORTING SUPPLIES
Tel: 012 808 9911 • info@inyathi.net
Terms & conditions apply. E&OE. While Stocks last.